




UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

MATIELAND



2 • 1996

Na ure/After hours:

Gretel Gerber
082 572 5276

Hermine Vermaas
082 572 5279



Mari Carstens
082 566 1155

Marlene Erasmus
082 807 0840

Yvonne Blomerus
082 572 5242

(Edms) Bpk (Pty) Ltd

STELLENBOSCH

Tel.: (021) 887 4740 Faks: (021) 887 3875

Manjifieke historiese plaas aan voet van
Bolandse berge. Prag toestand.
Uitstekende inkomste. Prys: R5,9m

August Basson:
082 572 5272

Schalk van der Merwe:
082 800 2588



KAMPUSBELEGGINGS: WOONSTELLE

Nuwe, gewilde ontwikkeling.

Twee slaapkamers

met skadunet-parkering. R215 000

MIDDE



BOSCH

Middebosch - 'n kwaliteit ontwikkeling op
een van die mees historiese terreine in die
hart van Stellenbosch. • Eie titel

- Twee en drie slaapkamer dorpshuise
- Pryse vanaf R430 000 BTW ingesluit



Finansiering beskikbaar

Saambou Bank

STELLENBOSCH
Tel: (021) 8872934

Skakel Patricia Fourie
tel. (021) 887-2934
of 082 8015 051 om vir u
nommerpas verband aansoek te doen.

Voorblad: Tonele by die Wêreld Veldwedloop-kampioenskapsbyeenkoms vroeër vanjaar op Coetzenburg. Die byeenkoms is gebeeldsend aan sowat 185 miljoen televisiekykers dwarsoor die wêreld. Lees die berig op bl. 20. (Foto: Anton Jordaan).

Matieland word drie keer per jaar uitgegee en gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602, tel. (021)808-4633/808-4851; Adreslys tel. (021)808-4634; faks (021)808-4499.

Redakteur: Hans Oosthuizen

Redaksionele advieskomitee: Proff. Christo Viljoen (voorsitter), Walter Claassen, Flip de Wet, Johan Groenewald en George Claassen; asook mnre. Johan Fechter, Sunley Uys, Douglas Davis en Hans Oosthuizen.

Ontwerp en uitleg: Robert Schultheiss, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US.

Drukker: Universiteit van Stellenbosch Drukkers.



Deurbraak met narkose - bl. 10



Kanselier vernoem - bl. 15



Tanzanian researcher - bl. 18

MENING

2

UITREIK

- 5 Kayamandi kleuters se potensiaal kry aandag
- 5 Buurlande se ingenieurs by kursus

KURSUSSE

- 4 Antieke wêreld het baie te sê vir vandag
- 7 Kursus rus dosente beter toe
- 8 Jong rekenmeester SA se beste sedert 1951

NAVORSING/RESEARCH

- 6 Sosiologie neem nuwe laboratorium in gebruik
- 10 Mediese deurbraak met rekenaarbeheerde narkose
- 12 Solving industry's challenges
- 12 VW benefits from Stellenbosch research
- 18 East African helps University to serve Africa

OUDMATIE-NUUS

- 16 Mosselbaai hou reünie
- 17 Oudmaties presteer

SPORT & ONTSPANNING

- 20 Baie miljoene wêreldwyd sien Coetzenburg op TV
- 20 Cravenweek derde keer by US
- 21 Rugbyklub se 147ste Bok
- 21 Kiwis oefen hier
- 21 Tien in SA spanne

KUNS & KULTUUR

- 26 Die HB Thom kry nuwe lewe op dertig
- 27 Koor word sestig en toer oorsee

ALLERLEI

- 4 Gys Steyn lei Raad
- 14 Kennedys weer in die Withuis
- 14 Huis Div nou woonstelgebou
- 15 Deeltydse Studie spog met nuwe gebou op Bellvillepark
- 19 'Profeet' sorg vir gebruiksafrikaans
- 22 Personeelnuus
- 24 In memoriam
- 28 Internasionale bosbousimposium gaan hier wees
- 28 Maties reg vir wêreldstryd by US

Onsekerheid bestaan vandag by baie mense oor die vraag of universiteite en ander inrigtings op onderwysgebied die nodige standaarde sal kan handhaaf. Owerheidsbefondsing van die onderwys neem af, groter druk word op die stelsel geplaas deur groter getalle skoliere en studente in 'n tyd waarin daar minder leerkragte beskikbaar is, en groter eise word deur die wetenskap en die nywerheid gestel aan die vlak van kundigheid wat nodig is om nog 'n bydrae te kan lewer.

Die ervarings van mense op talle gebiede gee aanleiding om hierdie onsekerheid in kommer te laat verander. Daar is gerugte oor gegradueerdes van universiteite in Suid-Afrika wat nie die mas kan opkom in die praktyk nie, of van grade - ook van bekende universiteite - wat nie meer dieselfde erkenning as vroeër geniet nie.

Dit is nie net in Suid-Afrika dat daar indringende gesprekke gevoer word oor die gehalte en standaarde

bevelings oor die instelling van meganismes en maatreëls om dit te verseker.

Die Universiteit van Stellenbosch het alreeds jare gelede begin om sy interne gehaltebevorderingsmeganismes uit te brei deur op 'n meer omvattende wyse voorsiening te maak vir eksterne eweknie-evaluering. Daar word tans dus op verskeie vlakke voorsiening gemaak vir evaluering en kontrolemeganismes met die oog op die bevordering van gehalte en die handhawing van standaarde:

- 'n Aantal fakulteite/departemente is onderhewig aan eksterne evaluering en akkreditering deur statutêre liggame gekoppel aan professionele sektore. Dit word gewoonlik gedoen deur, of onder toesig van, evaluerings- of akkrediteringskomitees van dié liggame. Voorbeelde hiervan is die akkrediteringsbesoeke van die Ingenieursweseraad van Suid-Afrika (ECSA) en die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR).

Akademiese gehalte en standaarde aan die US

deur prof. Walter Claassen, Viserektor (Akademies)

van hoër onderwysprogramme en kwalifikasies nie. Die kwessie van die gehalte van sulke programme en kwalifikasies het ook op die internasionale toneel 'n aktuele saak geraak wat onderwysowerhede in baie lande en administrateurs aan baie universiteite besig hou.

Die aandrag dat universiteite in die besteding van openbare fondse toerekenbaar moet wees en waarde vir geld moet bied, bring mee dat orals meganismes ingestel word om te verseker dat gehalte en standaarde verseker word. Studente, hulle ouers en hulle werkgewers of toekomstige werkgewers wil die versekering hê dat die grade wat verwerf word aan die nodige standaarde voldoen en wye erkenning sal geniet.

In Suid-Afrika het die KUH (Komitee vir Universiteitshoofde) onlangs 'n gehaltebevorderings-eenheid (QPU - "Quality Promotion Unit") in die lewe geroep, wat ten doel het om die gehalte van onderwys aan Suid-Afrikaanse universiteite te bevorder. Die veronderstelling is dat alle universiteite gehalteversekeringsmeganismes sal hê. Taakgroepe van dié nuwe eenheid sal dan besoeke aan universiteite bring waartydens gehalteversekeringsmeganismes geëvalueer sal word. Hierdie stelsel sal binnekort in werking tree.

Die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys beklemtoon in sy verslag wat pas verskyn het, ook die belang van gepaste gehalteversekeringsstelsels en doen aan-

Dit gebeur dikwels dat fakulteite of departemente van universiteite in Suid-Afrika slegs gedeeltelike akkreditering ontvang, of slegs vir 'n bepaalde tydperk. Die Universiteit van Stellenbosch het nog altyd baie goed gevaar in akkrediteringsondersoeke van hierdie aard en volle akkreditering verwerf.

- Alle fakulteite/departemente wat nie aan akkrediteringsondersoeke van hierdie aard onderhewig is nie, is onderhewig aan eksterne evaluering deur eweknieë van ander universiteite. Hierdie stelsel is alreeds in 1993 ingestel. Die bedoeling is om in die loop van 'n vyfjaartydperk die akademiese programme van alle departemente te evalueer en op grond daarvan stappe te doen waardeur verseker kan word dat gehalte nog verder ontwikkel kan word en probleemgebiede, waar dit bestaan, uitgeskakel kan word.

Departemente word besoek deur 'n evalueringspan bestaande uit minstens twee kundiges van ander universiteite in die land (of in sommige gevalle van buitenlandse universiteite), aan wie alle relevante materiaal oor kursusse en die aanbieding daarvan voorgelê word. Die evalueringspaneel het ook toegang tot eksamen-vraestelle en -skrifte en voer onderhoude met personeel en studente. Hierdeur kan hulle 'n baie goeie indruk kry van die standaarde van die kursusse wat deur die departement aangebied word.

Hierdie evalueringsverslae word deur die betrokke

dekane indringend bespreek met die departemente, asook deur die volle Uitvoerende Komitee van die Senaat (Rektoraat en dekane). Stappe word gedoen om die nodige aanpassings te maak en departemente moet binne die daaropvolgende twee jaar aanbevelings doen oor die aanpassings wat gedoen is en die gevolge daarvan. Ná vyf jaar word die proses van evaluering herhaal.

Die Universiteit van Stellenbosch is die verste gevorderd in Suid-Afrika wat betref hierdie soort stelsel van eksterne evaluering van departemente. Kundiges op eweknievlak lewer hiermee insette wat direk opgevolg word met die oog op die handhawing van standarde en die versekering van gehalte.

- Die Universiteit maak ook alreeds jare lank gebruik van 'n vorm van studente-evaluering van kursusse, waarvolgens kursusse op 'n gereelde basis geëvalueer word. Die resultate van hierdie evaluering word dan teruggeploeg in die herbeplanning van kursusse met die oog op die toekoms. Op hierdie wyse word verseker dat studente onderrig van hoë gehalte ontvang.

- 'n Verdere vorm van kontrole oor standarde bestaan daarin dat studente na afloop van hulle studie aan die Universiteit ook nog eksamens van 'n buite-instansie moet aflê, naamlik van sekere professionele liggame. Dit geld byvoorbeeld in die geval van die kwalifikasie van geoktrooieerde rekenmeesters van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad. Dieselfde geld van die professionele kwalifikasie vir ouditeurs.

In hierdie gevalle gee die sukseskoers van die studente van 'n bepaalde universiteit 'n goeie aanduiding van die gehalte van die kwalifikasies en van die standarde wat gehandhaaf word.

In die onlangse uitslae van die eksamens van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad het die Universiteit van Stellenbosch die hoogste sukseskoers van alle universiteite in Suid-Afrika behaal. Verder het twee studente hierdie eksamens met onderskeiding geslaag, wat 'n baie uitstaande prestasie is. Een van hierdie twee studente het die hoogste prestasie behaal wat nog ooit in hierdie eksamens behaal is. (Kyk die berig hieroor op bladsy 8 in dié uitgawe van Matieland.)

Een van die belangrikste meganismes om gehalte te verseker, is om dosente aan te stel wat oor gepaste kwalifikasies beskik en wat navorsing van hoë gehalte doen en wat terselfdertyd die nodige erkenning in die wetenskaps- en professionele wêreld geniet. Die Universiteit trek deurgaans goeie aansoekers en kan

gevolglik baie goeie keuses doen m.b.t. die akademiese personeel wat hy aanstel.

Daar is ook talle verdere aanduidings dat die gehalte en standarde van die kwalifikasies van die Universiteit van Stellenbosch wye erkenning geniet. Afgestudeerde studente van die Universiteit is gesog in die bedryf en ontvang maklik werk; die mark erken dus hulle waarde en die gehalte en standarde van hulle kwalifikasies. Hulle word verder ook maklik aan oorsese universiteite aanvaar met die oog op verdere studie, wat 'n aanduiding is van die feit dat die gehalte en standarde van hulle kwalifikasies erken word.

Universiteite in Suid-Afrika moet vandag ook voorsiening maak vir studente uit agterstandsgemeenskappe waar die gehalte van die onderwys (onder andere weens beperkte fasiliteite en die kwalifikasies van onderwysers) veel te wense oorlaat. Hiervoor het die Universiteit 'n stel akademiese ontwikkelingsprogramme ontwikkel, waardeur verseker word dat die

nodige oorbrugging aan die begin van die studieprogram plaasvind. Sommige studente volg 'n verlengde graadkursus (bv. vier jaar i.p.v. drie jaar, of vyf jaar i.p.v. vier jaar), whereby die agterstande in die eerste deel van die kursus ingehaal word, sodat die studente dan op dieselfde vlak as die ander studente kan kom. Hierdeur word hulle in staat gestel om aan dieselfde vasgestelde standarde te kan voldoen in die tweede deel van die kursus.

Universiteite in Suid-Afrika sal in die toekoms groter getalle studente as in die verlede moet hanteer. 'n Groot persentasie van die voornemende studente gaan nie voldoende voorbereid wees vir studie aan universiteite nie. Universiteite sal dus toenemend moet verseker dat studente op die mees gepaste vlakke kan inskakel

en die nodige oorbruggings- en ondersteuningsprogramme volg.

Die Universiteit van Stellenbosch is daarop ingestel om te verseker dat studente van hoë gehalte getrek word, dat onderrig van hoë gehalte aangebied word, dat gepaste programme aangebied word vir studente met agterstande, en dat daar voorsiening gemaak word vir studente wat besondere ondersteuning nodig het.

Die Universiteit maak erns met die verantwoordelikheid wat aan hom toevertrou word en probeer deur gepaste strukture en meganismes verseker dat die gehalte en standarde van sy kwalifikasies gehandhaaf en uitgebou word. Hierdeur word nie net die waarde van toekomstige kwalifikasies verseker nie, maar word ook die waarde van kwalifikasies wat in die verlede toegeken is, beskerm. Oud-Maties kan daarvan verseker wees dat die waarde van hulle kwalifikasies nougeset beskerm word. •

**Oud-Maties
kan daarvan
verseker wees
dat die
waarde van
hulle
kwalifikasies
nougeset
beskerm
word.**

Antieke wêreld

het baie te sê vir vandag

'n Land kan nie net tegnokrate hê nie. Daar moet ook mense wees wat krities-analities na sosiale probleme kan kyk. En dié soort vaardighede leer 'n mens, in 'n neutedop, in 'n studie van die Klassieke.

Dit is die mening van dr. Johan Thom, 'n dosent in Grieks en die voorsitter van die nuwe Departement Klassieke wat vanaf Januarie 1997 ontstaan wanneer die departemente Grieks en Latyn saamgevoeg word.

Tot in die sestigerjare was die twee departemente saam as die Departement Klassieke bekend, maar dit is geskei toe Latyn vir regstudie verpligtend geword het.

Dr. Thom meen die Klassieke bied baie aan die nuwe Suid-Afrika, aangesien dit reeds afgeslote samelewings se politiek, godsdiens en sosiale bedrywighede bestudeer.

In 'n afgeslote kultuur soos dié van die ou antieke wêreld is al die bekende vraagstukke reeds in oënskou geneem. Die ou Grieke en Romeine het baie oor sosiale verskynsels en morele waardes geskryf. Die Retoriek, wat een van die kernaspekte van goeie opleiding was, is byvoorbeeld 'n bate by onderhandeling. Die moderne wêreld kan heelwat hieruit leer.

Die groot aantrekkingskrag van dié soort studie is dat 'n mens die luukse het om daarvoor na te dink terwyl dit steeds aktueel bly. Omdat die formele taal van die klassieke ook afgeslote is, kan 'n mens 'n volledige sistematiese greep daarop kry, anders as by moderne tale wat nog ontwikkel.

Die klassieke was nog altyd 'n baie belangrike deel van opleiding; 'n soort neutrale toegang tot die Westerse beskawing. Dit is steeds noodsaaklik vir 'n loopbaan in die Britse staatsdiens, want dit leer jou om menslike probleme te bekyk en krities te beoordeel - wat dit bruikbaar maak in rigtings soos ekonomie en politiek.

In Duitsland het die skoolonderwys tot onlangs beroepsopleiding beklemtoon, maar hulle beweeg nou terug na die tradisionele formele klassieke opleiding wat 'n mens dwing om krities en selfstandig te dink. Beroepsopleiding is ook dikwels verouderd teen die tyd dat die leerders tot die praktyk toetree.

Sowat 200 studente, die grootste groep in die nuwe Departement Klassieke, bestudeer Klassieke Kultuur. Vanaf 1997 word 'n nuwe modulêre tweejaar-M.A.-kursus, aangebied. Daar is reeds heelwat navrae hieroor van oor die hele land, sê dr. Thom. Dit kan na enige B-graad gevolg word en behels kort kontakbesoeke aan Stellenbosch, persoonlike aandag, begeleide opleiding en navorsing en individuele studiekeuses in die tweede jaar.

Hy meen die departement sal voor- en nagraads groei. Die departemente Grieks en Latyn se huidige studente sluit medici, onderwysers, sakelui en joernaliste in.

Latyn en Grieks is die enigste studierigtings aan die Universiteit wat reeds 110 jaar lank ononderbroke in die Ou Hoofgebou aangebied word. •



Gys Steyn lei Raad

Vyf nuwe lede almal Oud-Maties

Mnr. Gys Steyn, Uitvoerende Direkteur van die Rembrandt Groep, is die Universiteitsraad se nuwe voorsitter in die plek van dr. Dawid de Villiers, wat as raadslid uitgetree het.

Mnr. Steyn was sedert 1993 ondervoorsitter van die Raad, waarin hy sedert 1986 dien. Hy het B.Comm.(Regte) asook LL.B. aan die US behaal, was 'n Studenteraadslid en die eerste primarius van Simonsberg, en het 'n Abe Bailey buitelandse reisbeurs verwerf.

Vyf nuwe lede wat sedert vroeër vanjaar in die Raad dien, is ook almal Oud-Maties. Hulle is prof. PW van der Walt, die dekaan van Ingenieurswese wat deur die Senaat benoem is, mnre. Desmond Smith en Johan Carinus (deur die Konvokasie benoem) asook mnre. Herman Bailey en Jannie Momborg (deur die Minister van Onderwys) benoem).

Mnr. Smith is Sanlam se besturende direkteur en 'n direksielid van verskeie maatskappye. Hy is ook voorsitter van die Aktuariële Genootskap van SA. Mnr. Carinus, 'n bekende Stellenbosse wynboer, is 'n KWV- en Rand Aksepbank-direkteur.

Mnr. Bailey, hoofbestuurder van die Landelike Stigting, is ook Wellington se burgemeester. Mnr. Momborg, 'n ANC-parlements lid en vorige eienaar van 'n wynlandgoed by Stellenbosch, was lank betrokke by die Maties se atletiekkklub, onder meer as president.

Nog drie raadslede, prof. Elize Botha, oud-hoogleraar in Afrikaans aan Unisa, mnr. Walter Scheffler, onlangs uitgetrede president van die Afrikaanse Handelinstituut (AHI), en dr. Chris van Wyk, gewese grootbaas van Trustbank en 'n hoofbestuurder van die AHI, is as dienende raadslede herkies. Hulle is ook almal Oud-Maties.

Dr. Van Wyk is deur die donateurs verkies en prof. Botha en mnr. Scheffler deur die lede van die Konvokasie. In sy vorige termyn is mnr. Scheffler deur die donateurs tot die raad verkies.

Die nuwe raadslede se termyn strek tot 1 April 2000.

Die vyf raadsvakatures het ontstaan met die verstryking

van die termyn van prof. Willie Esterhuyse (as Senaatsbenoemde), dr. Dawid de Villiers en prof. Theo Pauw (Konvokasie-benoemdes) en dr. Dirk Hattingh en prof. Tony Links (deur die Minister van Onderwys benoem).

Daar is 22 raadslede insluitende die Rektor en Visekanselier, die twee viserektore, ses lede benoem deur die Konvokasie, vier deur die Minister van Onderwys en Kultuur, drie deur die US Senaat, drie deur die US donateurs, een deur die Stellenbosse munisipaliteit, een deur die Wes-Kaapse provinsiale regering en een deur die Matie-studenteraad. •

Kayamandi kleuters se potensiaal kry aandag

Buurlande se ingenieurs by kursus

Die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese het as 'n bydrae tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) 'n kort kursus aangebied vir 54 ingenieurs - waarvan sowat 'n kwart uit Namibië en Zimbabwe gekom het.

Een van dié departement se senior dosente, dr. Ron Herman en mnr. Trevor Gaunt van Gibb (Africa), het die kursus *A modern approach to reticulation design*, op Stellenbosch aangebied. Dit is grootliks gerig op die resultate van navorsingsprojekte in die departement.

Die gesaghebbende standaard-organisasie, die Nasionale Rasionalisasie van Spesifikasies (NRS) groep, het dr. Herman se werk aanvaar as die aangewese metode om spanningsvalle in laagspanningsnetwerke te bereken. Die NRS berei nou 'n dokument voor om die "Herman Beta metode" se toepassing te verduidelik.

'n Referaat wat verlede jaar hieroor verskyn het, bewys dat dié metode die akkuraatste resultate lewer. Dié bydrae sal sorg dat die mees ekonomiese ontwerpe gebruik word. Nog kursusse word in die toekoms beplan om aan die aanvraag te voldoen.

Prof. Johan Enslin van dié departement en prof. René Spée van die Oregon Staatsuniversiteit in die VSA het nog drie kursusse aangebied. Die een was veral van toepassing op die verskaffing van elektrisiteit op afgeleë plekke. Die ander twee was op die nywerheid en op die toepassing van kragstelsels toegespits. •

Dosente en nagraadse studente van die Departement Sielkunde bied sedert verlede jaar 'n stimulerings- en potensiaalontwikkelingsprogram by 'n voorskoolse dagsorgsentrum in Kayamandi op Stellenbosch aan en evalueer die voorskoolse kleuters vir skoolgereedheid.

Sielkundedosente mnr. Hennie de Vos en mev. Helene Loxton en vier meestersgraadstudente in Voorligtingsielkunde het die projek met die Zenzele-crèche se 70 kinders aangepak, met behulp van die vier plaaslike personeellede. Ses ander M-studente sit die projek vanjaar saam met die



dosente voort.

Hulle werk saam met die crèche se onderwyseres, mev. Maria Bosi, en drie versorgers.

Vir die M-studente, wat 'n gestruktureerde tweejaarkursus volg, vorm dit deel van 'n studiemodule oor gemeenskapsontwikkeling.

Deur sielkundige evaluering is spesifieke behoeftes met behulp van die Herbst meetinstrument by die voorskoolse kinders geëvalueer. Dié kultuurbillike nie-verbale meetinstrument is aanvanklik deur 'n Vrystaatse Oud-Matie, dr. Ingrid Herbst, in daardie provinsie ontwikkel. Daar word gepoog om die kinders se behoeftes deur dié "kindervriendelike" meet- en ontwikkelingsprogram, wat die departement gekoop en vir die spesifieke behoeftes in Kayamandi aangepas het, aan te spreek.

Mev. Loxton sê 'n gebrek aan speelruimte en -toerusting was van die uitdagings wat aan die dosente, studente en crèche-personeel gestel is. "Maar in 'n gees van goeie samewerking en welwillendheid kon ons al baie van die probleme in groeiommoentlikhede omskep."

'n Kerkgebou met speelruimte en -toerusting is beskikbaar gestel deur die toedoen van eerw. Louis Menziwa van die Verenigende Gereformeerde Kerk. 'n Oud-Matie, ds. Johan van Zyl van dié kerk, is die koördineerder en 'n groot mylpaal is bereik toe die crèche onlangs deur die toedoen van verskeie NG gemeentes in Stellenbosch en Bellville sy eie geboutjie gekry het.

"Mev. Bosi, die drie versorgers en die kleuters was sedert ons eerste besoek vol geesdrif, leergierigheid en opgewondenheid", vertel mev. Loxton. "Ons leer die hele tyd by mekaar. Terwyl die crèche-personeel bemagtig word, is dit ook deurentyd 'n leerproses vir die dosente en studente."

Verdere navorsing spruit uit die projek, waaronder 'n meestersgraad-studie wat onder meer handel oor die evaluering van dié US-uitreikaksie in Kayamandi. •



Sosiologie

neem nuwe laboratorium in gebruik

Die Departement Sosiologie se nuwe Sosiale Navorsingslaboratorium bied nou aan navorsers toegang tot 'n fasiliteite-infrastruktuur wat omvangryker navorsing moontlik maak.

Die laboratorium bied rekenaartoerusting, 'n multimediasentrum en 'n opleidingslokaal. Dit word vir gevorderde opleiding en navorsing in die sosiale wetenskappe benut.

Sosiologie-studente wat die Nagraadse Diploma in Sosiale Navorsingsmetodes of die M.Phil. in Sosiaalwetenskaplike Metodes volg, kry ook vanjaar omvattende opleidingskursusse in die laboratorium. En die Departement Sosiologie gebruik die laboratorium vir 'n reeks tweedagwerkweekwinkels in sosiale navorsing.

Die laboratorium onderskraag fakulteitspersoneel en nagraadse studente.

Die Departement Sosiologie skep nou 'n plaaslike data biblioteek (Stellenbosch Universiteit Data Biblioteek: Sundata) wat bestuur word as 'n streekfasiliteit van die RGN se Suid-Afrikaanse Data Argief (Sada). •

Joernalistiek kry R92 500 se toerusting



Nasionale Pers het R92 500 se rekenaartoerusting aan die Departement Joernalistiek geskenk. Hier kyk prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), mnr. Andrew Marais, Naspers se hoofbestuurder: openbare betrekkinge, en prof. George Claassen, hoof van die Departement Joernalistiek, na een van die drie bestaande rekenaars wat Naspers in 1992 al geskenk het en wat nou opgegradeer is. •



Prof. Martin Lipsey van die Vanderbilt Universiteit in Nashville in die VSA (naaslinks) demonstreer 'n program aan me. Connie Sikhwari (student), mnr. Piet Joubert (senior departementele beampte in die Departement Sosiologie) en mnr. Jan Vorster ('n dosent by Sosiologie).

BEDRYFSIELKUNDE bied nuwig hede

Menslike hulpbronontwikkeling is die hooffokus van die Departement Bedryfsielkunde se nuwe honneurskursus wat vanjaar ingestel is. Die kursus is enig in Suider-Afrika.

Twee hoofvakke word aangebied, oor die Teorie en die Praktyk van Menslike Hulpbronontwikkeling. Die nuwe kursus is 'n alternatief vir die departement se twee ander honneursrigtings, wat sentreer om Algemene Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudinge.

Die verskeidenheid alternatiewe nagraadse kursusse stel die student in staat om reeds op honneursvlak te spesialiseer. Dié voltydse nagraadse kursusse is ideaal vir pasgegraduateerde studente wat vir nog 'n jaar op Stellenbosch wil aanbly om hul kennis te verbreed en hul bedingingsposisie in die arbeidsmark te verbeter.

Nog 'n nuwigheid in die departement is dat al die honneurskursusse modulêr aangebied word. Dit strek dan oor twee jaar en is gerig op die behoeftes van iemand wat werk, reeds praktiese ervaring het en graag teoretiese verdieping wil ervaar, maar vir wie voltydse studie onprakties is.

Vir modulêre studie moet die studente vyf weke per jaar op Stellenbosch klasse bywoon. In die res van die tyd moet hulle voorbereidende opdragte voltooi. Met die modulêre kursusse, wat ook enig in Suider-Afrika is, kan 'n mens jou studies aan 'n erkende bedryfsielkunde-departement voortsit, al woon en werk jy ook waar.

Die Stellenbosse Departement Bedryfsielkunde is die oudste vir dié studierigting in die land. Dit is vir dekades al 'n belangrike voedingsbron van opgeleide bedryfsielkundiges.

'n Brosjyre met meer inligting oor die genoemde kursusse is beskikbaar. Rig navrae aan mev. Marianne Coetzee, tel. 021-8083008. •

"If we are going to ensure that our arrangements and practices in higher education are of high quality, and if we want also to go on improving their quality, then we have to have a sense not only of the direction we are going in, but also of who is involved in the journey"

(Barnett, R. (1995): Improving Higher Education: Total Quality Care)

Akademici kan nou beter toegerus word vir hul doseertaak en hul doseerwerk kan meer professioneel en wetenskaplik wees, danksy die Universiteit se M.Ed./M.Phil. graad in Hoër Onderwys.

Dié modulêre kursus, versprei oor twee jaar, word sedert verlede jaar aangebied.

Die Nasionale kommissie vir Hoër Onderwys het reeds etlike voorstelle gemaak wat wysigings in die huidige sisteem gaan meebring. Om hiermee, en met ander veranderinge in die hoër onderwysomgewing tred te hou, vereis voortdurende aanpassing en stel hoë en nuwe eise aan

M-kursus rus dosente beter toe

akademiese personeel.

Die doel van die US se meesterskursus in hoër onderwysinrigtings toe te rus met die ingesteldheid, kennis en vaardighede om hul doseertaak professioneel uit te voer en om hulle in staat te stel om navorsing te doen oor onderrig en ander aspekte van hoër onderwys.

Die teikengroep is dosente aan hoër onderwysinrigtings (universiteite, teknikons, kolleges). Die toelatingsvereistes is 'n B.Ed.- of honneursgraad en minstens twee jaar doseerervaring aan 'n hoër onderwys-opleidingsinrigting. 'n Beperkte getal studente word toegelaat. Alle



Vanjaar se beginner-studente vir die M.-kursus in Hoër Onderwys, met prof. Chris Kapp (derde van links voor) en me. Christel Troskie (derde van regs voor).

aansoeke word streng gekeur. Die sluitingsdatum is einde September vir die komende jaar.

Na die suksesvolle voltooiing van die kursus, kan iemand met 'n honneursgraad die graad M.Phil. in Hoër Onderwys verwerf, en iemand met 'n B.Ed. graad kan M.Ed. in Hoër Onderwys verwerf.

Die kursus bestaan uit tien modules, versprei oor twee jaar en aangebied in 'n kombinasie van kontak- en gerigte selfstudie. Die kontakgeleentheid word beperk tot een keer per jaar vir 'n aaneenlopende tydperk van twee weke. Voorafstudie, opdragte en projekte word gedurende die res van die jaar deur middel van gestruktureerde studiegidse, selfstudiepakette en ander vorme van gerigte selfstudie gehanteer.

Navrae: prof. Chris Kapp (tel. 021-8083080; faks 021-8876763; e-pos kapp@maties.sun.ac.za) of me. Christel Troskie (tel. 021-8083082; faks 021-8876763; e-pos ct1@maties.sun.ac.za).•

TOERE

EIENDOMME

TEL:
(021) 887-1986

Tisami

- Besienswaardighede
- Wynroetes
- Walvisroete
- Weskus seekos/blommetoere
- Klein Karoo
- Toerpakette van u keuse

4 - 9 persone per groep

- **STUDENTE-OUERS!**
- **BELEGGERS!**
- **ENTREPRENEURS!**
- **BOERE!**

Ons verhuur **goedgekeurde** kamers, woonstelle en huise gedurende die akademiese jaar.

Uitstekende **opbrengste** op beleggings is moontlik! Benut dit deur eiendom op Stellenbosch, of 'n plaas in Wes-Kaapland te koop.

Skakel **Rykie of Marcia** i.v.m. **Toere** en

Madelyn i.v.m. **Eiendomme**

Tel: (021) 887-1986 Faks: (021) 887-4788

- **VAKANSIE AKKOMMODASIE**

Ons verhuur huise en woonstelle aan vakansiegangers wat Stellenbosch en Wes-Kaapland in vakansietye wil besoek.

Jong rekenmeester SA se beste sedert 1951

US kandidate blink uit in 'moeilike' eksamen


Johan van Schalkwyk, vanjaar se topstudent in die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se kwalifiserende eksamen, het ook die hoogste punte sedert dié eksamen in 1951 ingestel is.

Daarby beklee nog 'n Oud-Matie, Martin Nel, die tweede plek uit die 1 133 kandidate landwyd wat vanjaar dié "berugte, moeilike" eksamen geslaag het.

En die US se afgestudeerdes het die beste gemiddelde slaagpunt behaal van alle universiteite landwyd wat kandidate vir die eksamen gelewer het. Dit is die



Mnr. Johan van Schalkwyk



Mnr. Martin Nel

HAMBURG werk saam



Die Universiteit het nog 'n uitruil- en samewerkings-ooreenkoms gesluit, met die Universiteit van Hamburg. Hier is dié Duitse universiteit se president, dr. Jürgen Lütjke (regs), en prof. Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, by die ondertekening. Die ooreenkoms maak vir kort of langer personeel- of studente-uitruilbesoeke voorsiening. Vrystelling van studentegeld sal in sulke gevalle wedersyds geld. Gebiede waarop nouer saamgewerk kan word, word ondersoek. •

tweede keer sedert 1993 dat die US dié prestasie behaal. In 1994 en 1995 het die Universiteit ook gepresteer deur elke keer die tweede plek te beklee.

Die US se kandidate het vanjaar die topposisie behaal in elkeen van die twee dele van die eksamen. In deel een (Rekeningkundige vakke) was die US-kandidate se gemiddelde slaagpunt 96% teenoor 66% landwyd, en in deel twee (Ouditkunde) was dit 79% teenoor 54% landwyd.


Mnr. Van Schalkwyk het in 1990 in Windhoek gematrikuleer, met die eerste plek op Namibië se merietelys. Hy het B.Rek.- en Hons.B.Rek.-grade met lof op Stellenbosch behaal en hiervoor 'n gemiddelde punt van 92% gehandhaaf. Dit het aan hom die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se prestigeprys, die CGW Schumann medalje, vir 1995 besorg.

Hy is verbonde aan die ouditeursfirma Deloitte en Touche, maar is vir sy akademiese klerkskap vanjaar 'n tydelike dosent in Rekeningkunde aan die US en is ook as M-student ingeskryf. Sy kop staan egter nie akademiese toe nie. "Ek wil eerder die finansiële wêreld aandurf."

Mnr. Van Schalkwyk se ouers is ook Oudmaties: mnr. Gys van Schalkwyk, 'n Windhoekse ouditeur, en sy vrou Sylvia (geb. Kriegler), wie se ouer seun, Philip, ook 'n ouditeur in Windhoek en 'n Oudmatie is.

Mnr. Nel het op Stellenbosch gematrikuleer, met die vierde plek op die Kaaplandse Onderwysdepartement se merietelys. Hy het B.Rek. en Hons.B.Rek. met lof aan die US behaal en is aan die ouditeursfirma Coopers en Lybrand in Kaapstad verbonde. Sy pa, mnr. Danie Nel, is waarnemende adjunkregistrator van die US se Tygerberg kampus. •

Selfs Kundiges Moet Voorsorg Tref Teen Die Onverwagte



Leonardo da Vinci se skets vir 'n reuse kruisboog op wiele, c.1485-88, toon etlike gevorderde ontwerpe.

U is die nuwe-geslag professionele persoon. Te staan voor 'n horde nuwe uitdagings. Nuwe werklikhede. En nuwe verantwoordelikhede. PPS strew op dieselfde wyse na uitnemendheid, sover dit die voordele en dienste wat aan lede verskaf word, aangaan, as wat Leonardo da Vinci blywende standaarde van professionalisme en volmaaktheid daar gestel het.



Verseker dat u u toekoms beskerm terwyl u professionele uitnemendheid nastreef. Met siekte- en ongeskiktheidsvoordele, lewensdekking en annuïteits-skemas, bied PPS sekuriteit vir u toekoms. Sou u ooit deur swak gesondheid of ongeskiktheid oorweldig word, sal u nie alleen die fort hoef te hou nie. PPS, die beroepsmense, sal u bystaan.

UNIEKE BESKERMING VIR GEGRADUEERDE PROFESSIONELE PERSONE



Dis jou vereniging

'n Anestesioloog en 'n elektroniese ingenieur, albei van die Universiteit, het saamgespan om narkosetoe-diening deur rekenaarbeheer moontlik te maak.

Dit het reeds daartoe gelei dat mediese geskiedenis onlangs by die Tygerberg Hospitaal gemaak is toe 'n span dokters vir die eerste keer in die Suidelike Halfrond met 'n operasie 'n bestralingsapparaat binne-in 'n pasiënt geplaas het, en dié daarna in 'n isolasiekamer bestraal is terwyl daar uit 'n aangrensende kamer met 'n rekenaar afstandbeheerde narkose toegepas is. Sulke operasies word nou gereeld daar gedoen.

Dr Johan Coetzee, 'n dosent in Anesthesiologie aan die US, het 'n spesiale belangstelling in navorsing oor intraveneuse narkose. Hy het 'n elektroniese ingenieur, mnr. Ralph Pina, direkteur van die Universiteit se Sentrum vir Elektroniese Dienste (SED), genader om 'n stelsel te ontwikkel waardeur narkosemiddels met rekenaarbeheer toegedien kan word.

Voor 'n mens chirurgie ondergaan, moet jy narkose kry, om bewusteloos én ongevoelig vir pynlike stimuli te wees. Die anestesioloog begin die narkose deur 'n vinnigwerkende slaapmiddel in die bloedstroom (intraveneus) in te spuit sodat die pasiënt vinnig sy

geslag in en verwittig die rekenaar watter konsentrasie narkosemiddel in die pasiënt verlang word. Die rekenaar skep dan eers 'n wiskundige voorstelling van die pasiënt, bereken hoeveel van die middel benodig word en sit 'n pomp aan die gang wat die middel in die pasiënt se bloedstroom inspuut.

Elke tien sekondes word die dosering herbereken en die pomp ontvang nuwe instruksies. Op dié manier word die narkotiseur se taak heelwat vereenvoudig omdat die ingewikkelde berekeninge deur die rekenaar oorgeneem word. Verder kan hy sy aandag by die sorg van die pasiënt bepaal.

Die narkotiseur monitor die pasiënt se reaksies en kan dan die narkose dieper of ligter maak deur die rekenaar te versoek om die konsentrasie van die middel in die pasiënt groter of kleiner te maak.

Pasiënte verskil natuurlik sodat die werklike middelkonsentrasies nie noodwendig presies dieselfde is as die verwagte konsentrasies wat die rekenaar bereken het nie. Dr. Coetzee se gepubliseerde navorsing het egter gewys dat die ooreenkoms tussen gemete konsentrasies en berekende konsentrasies heeltemal aanvaarbaar is.

Die sisteem, bekend as Stelpump, is ontwerp om besonder gebruikersvriendelik te wees sodat dokters wat nie

Mediese deurbraak met

bewussyn verloor. Die narkose word daarna voortgesit deur 'n narkosemiddel wat die pasiënt inasem. As die operasie klaar is, word die inhalasie middel gestop en die pasiënt herwin sy bewussyn deur dié middel uit te asem.

Onlangs het 'n reeks inspuitable narkosemiddels op die mark verskyn wat voordele inhou bo die inhalasie middels omdat hulle minder newe-effekte het. Die meeste anestesioloë is egter huiwerig om dié middels deur 'n aanhoudende infusie toe te dien omdat die berekening van die dosis ingewikkeld kan wees en foute kan insluip. Verder moet die dosis kort-kort aangepas word omdat die pasiënt se liggaam met verloop van tyd met die middel gevul word.

Die rekenaarprogram wat mnr. Pina in samewerking met dr. Coetzee geskryf het, stel nou die rekenaar in staat om die hele narkose te kan gee.

Die anestesioloog tik die pasiënt se gewig, ouderdom en


Veiligheid is 'n uiters belangrike oorweging en die sisteem kontroleer gedurig of die pomp en die rekenaar bevredigend kommunikeer en die korrekte dosis toegedien word.

baie vertrouwd is met rekenaars nie dit maklik kan aanleer. Deurentyd, vertoon die rekenaar die verwagte middelkonsentrasies, die huidige dosering en bereken selfs hoe lank dit die pasiënt sal neem om wakker te word as die toediening gestaak word. Dít is 'n handige manier om te besluit wanneer die narkose gestaak moet word.

Veiligheid is 'n uiters belangrike oorweging en die sisteem kontroleer gedurig of die pomp en die rekenaar bevredigend kommunikeer en of die korrekte dosis toegedien word. Stelpump sal dit selfs bevraagteken as die narkotiseur 'n abnormaal hoë dosis aanvra. Toepaslike alarms gee waarskuwings indien iets verkeerd loop.

Stelpump het nog ander gevorderde kenmerke: Die narkotiseur kan die brein, in plaas van die bloed, as teiken gebruik.

Stelpump kan ook twee pompe gelyk en onafhanklik van mekaar beheer, sodat twee middels gelyktydig toegedien kan word.



'n Skootrekenaar word gebruik om twee meganiese spuite onafhanklik te beheer. Die spuite bevat 'n slaapmiddel en 'n pynonderdrukkende middel sodat die narkose slegs deur binnearse toediening geskied. Omdat die sisteem ook batteryaangedrewe kan wees, kan dit gebruik word in militêre geneeskunde of in verafgeleë situasies.

m a r k k o s s e

Op dié manier kan die hele narkose net met intraveneuse middels toegedien word. Grafieke dui aan wat tydens die narkose gebeur het en alles wat die sisteem doen, word outomaties deur die rekenaar gestoor.

Stelpump kan ook narkosetoediening naboots en het homself bewys as 'n kragtige opleidingsinstrument wat dokters in staat stel om met verskillende middels vertrouwd te raak.

In samewerking met die Universiteit van Stanford in Kalifornië word Stelpump oor die Internet gratis versprei as 'n diens tot die mediese professie wêreldwyd, en om anesthesioloë aan te moedig om middels deur aanhoudende infusies toe te dien.

Die program kan verskeie pompe van verskillende handelsmerke beheer en onlangs het 'n Franse maatskappy mnr. Pina en dr. Coetzee opdrag gegee om sy infusiepompe in Stelpump in te sluit.

In die Tygerberg Hospitaal word Stelpump vir hart- en roetine-chirurgie gebruik.

Onlangs het dokters by Tygerberg 'n nuwe tegniek van kankerbestraling tydens operasies ontwikkel. Vir veiligheidsredes word niemand tydens die bestralingsproses in dieselfde kamer as die pasiënt toegelaat nie.



Dr. Coetzee wys 'n aantal van die beskikbare meganiese pompe wat deur Stelpump beheer kan word. Dit maak dit vir geneeshere dwarsoor die wêreld moontlik om die pompe wat reeds in hul eie hospitale is, te kan gebruik.

Die probleem om die narkose voort te sit, is opgelos deurdat Stelpump gebruik word om die narkose en die monitoring met afstandbeheer van buite af toe te dien. •

The Engines and Fuels laboratory: Meeting industry's challenges

The Engines and Fuels Laboratory of the University's Mechanical Engineering Department is helping to meet some major challenges of the South African motor and fuels industries.

These industries are strategic and labour-intensive, and together they contribute a sizeable proportion to the country's economy.

The laboratory's objectives are threefold: education, research and collaboration with industry. All three these objectives are promoted by a recent agreement with Atlantis Diesel Engines (ADE), involving the contribution of engine research equipment worth almost two million rands as well as the donation of the funds necessary to install and commission the new facilities.

This agreement has enabled the laboratory to intensify the research in its two main fields of activity: reduced automotive emissions and the development of engine technology, both of which will play a crucial role in the future of the South African motor industry.

The agreement has enabled the laboratory to obtain new facilities, thus broadening the scope of the engines research being done. Four older test benches can now be replaced with six state of the art systems. These facilities are used extensively for third and fourth year students' practicals as well as final year projects. The new facilities contribute to improved standards and safety.

ADE now supports a new chief researcher's post, filled by Mr. Richard Haines, previously head of product testing at ADE. Facilities provided by ADE will equip three new heavy duty engine test cells. This will enable the laboratory to test any type of automotive engine used in South Africa.

Similar agreements with other manufacturers are being sought and GUD Filters have already agreed to support research in the laboratory.

The laboratory's engines and fuels researchers have identified various main challenges facing the industry: the introduction of unleaded fuel, vehicle emissions, air pollution in South African cities and the need to export vehicles, engines and components from a competitive



Master's student Gert van der Ham, with a research prototype inlet manifold.



Mr. Menno Hart, a technician at the Engines and Fuels Research laboratory, with three of the engines under evaluation in the laboratory.

motor industry.

Researchers from other Stellenbosch University departments (e.g. Electrical Engineering and pure Chemistry) have also been involved in the laboratory's extensive research activities, assisting in complex fields such as the measurement of emissions from different fuels.


The formulation of fuels in South Africa, and the resulting emissions, are different from those of most overseas countries, and differ from region to region within the country. This, plus a number of factors such as the lack of regulations regarding exhaust emissions and the high proportion of older vehicles on South African roads, necessitate research specific to this country. •

VW benefits from Stellenbosch research

Volkswagen SA recently launched a new range of Golf and Jetta models using engines which utilise inlet manifolds based on technology and prototypes developed in the Engines and Fuels Laboratory.

Mr. Thys Neethling, who retired as senior lecturer in Mechanical Engineering this year, initiated this research. It was carried out by a number of final year students, yielding design procedures as well as theory which is now taught in the engines courses.

In 1993 the laboratory identified inlet manifold design, which is critical to the performance of modern fuel-injected engines, as an area requiring intensive research to contribute to the evolution of the SA motor industry. The standard achieved at Stellenbosch in this regard has



Dr. Andrew Taylor, senior lecturer in Mechanical Engineering and head of the Engines and Fuels Research laboratory, with a production inlet manifold based on a prototype provided to Volkswagen SA by the laboratory. This engine had just successfully completed 850 hours of severe endurance testing.

been impressive: a prototype manifold delivered to Volkswagen in 1994 increased torque and power of the German designed (1992), 2 litre, fuel-injected engine by 8 and 3% respectively. When the same prototype fuel injection manifold was fitted to the 1.8 litre and 1.6 litre engines, power was improved by 18% and 25% respec-

tively over that of the original engines.

The prototype, along with a detailed presentation on the theory and the design process, was delivered to a young and dynamic engine design team at VW SA. The team, including some Matie graduates, then incorporated the technology in their new engines which are highly competitive in terms of performance, fuel efficiency, durability and cost. This technology transfer process was so successful that Volkswagen were able to develop a fourth engine for a new vehicle within three months, which achieved 40% more power than that delivered by an equivalent German engine. The Stellenbosch engine research team has also assisted with endurance testing of the new engines which have travelled the equivalent of seven times the circumference of the earth, in the laboratory, at speeds averaging above 150 km/hr.

The initial objectives have been achieved: technology has been developed, incorporated into academic courses, and transferred to industry where it is being built into vehicles at a rate approaching 400 each working day. Work is now progressing with the application of computation fluid dynamics techniques to gain further insight into the processes, and to broaden the scope of the technology to include the design of cylinder heads and camshafts. •

Lanzerac GAAN STELLENBOSCH SE GESKIEDENIS & KULTUUR WEERSPIEËL

Soos die Pieke, die Eersterivier, die Matiekampus of Coetzenburg, is die Lanzerac Hotel al dekades lank sinoniem met die mooiste herinneringe aan Stellenbosch.

Lanzerac, die 300 jaar-oue plaas, met sy sierlike Kaapse herehuis, wat menige jare al as 'n plattelandse hotel wêreldbekend is, ondergaan tans 'n 20 miljoen rand gedaanteverwysing.

Lanzerac se eienaar, Oudmatie Christo Wiese, het 'n vooraanstaande luuksehotel-kenner, Kobus Botha (van die bekende Blue Mountain Lodge in Mpumalanga), met twee Kaapse argitekte, Johan Wessels en Rowan Pape, en binnehuise ontwerpers, Valma Botha en Marianne Louw, aangestel om die projek vir hom te behartig.

Geen moeite word ontien om Lanzerac na sy vorige glorie te restoureer nie. Van 100 jaar-oue gekraakte leer vir stoffering en Oregon dennehout wat in 'n ou kelder ontdek is, tot met die aankoop van kosbare antieke meubels en matte, sal bydra dat Lanzerac weer eens kan spog as die juweel van Stellenbosch. Tydens die proses word groot klem daarop gelê om Lanzerac weer sinoniem met die historiese waarde van die "Stellenbosch-kultuur" te maak.

Sestien nuwe luukse kamers word ook tans gebou. Al die ou slaapkamers word geheel en al omskep en party groter gemaak - almal grasieus en stylvol. Daar sal vanaf einde Februarie 1997 altesaam 40 luukse kamers wees.

Volgens die tema van "ou Kaap" word die hotel se restaurant herontwerp en sal dit bekend staan as die Goewernewsaal, volledig met 'n antieke klipkaggel en olieverfskilderye van die ou Kaapse goewernews. Die inganglokaal ondergaan ook 'n totale gedaanteverwysing en word omskep in 'n absoluut pragtige funksionerende

biblioteek, waar ou hout, marmer, leer en oorspronklike skilderye 'n atmosfeer van gesofistikeerde luukseheid sal weerspieël.

Dit is lank reeds Christo Wiese se droom dat Lanzerac weer wyn sal produseer en hy het dan ook in 1992 met 'n nuwe wingerd-aanplantingsprogram begin. Die gerespekteerde Oudmatie Wynand Hamman is ook ingespan om dié droom 'n werklikheid te help maak. Die eerste reeks nuwe wyne sal in Februarie 1997 vrygestel word. 'n Splinternuwe wynkelder, ontwerp deur die argitek Johan Wessels word ook einde Februarie aan die publiek bekendgestel en dit belooft om 'n absolute belewenis te wees. Johan, 'n spesialis in kelder-ontwerp, het onlangs 'n oorsese reis onderneem om te verseker dat die Lanzerackelder sal kan kers vashou by die beste ter wêreld.

Oudmaties word genooi om tot twee van Lanzerac se restourasieprojekte by te dra deur: Eerstens, om enige interessante foto's wat by Lanzerac geneem is (Intervarsity, troues, ens) te skenk, en tweedens, enige interessante boeke (Suid-Afrikaanse, of boeke van geskiedkundige waarde spesifiek met betrekking op Stellenbosch) te skenk vir gebruik in die biblioteek by Lanzerac.

Komplimentêre akkommodasie by die "nuwe" Lanzerac, ter waarde van ten minste R3 000-00, word aangebied as pryse vir die interessantste foto's wat die bestuur ontvang en soortgelyke pryse word aangebied vir die interessantste boek of versameling boeke. Koper naamplaatjies met die wenners se name sal in die biblioteek ten toon gestel word. Skakel Reinette Retief/Jenny Greeff, Lanzerac Hotel, Stellenbosch, 7600, Posbus 4, Stellenbosch 7599
Tel: 021 887-1132 Faks: 021 887-2310. •

Kennedys weer in die Withuis

Mev. Ethel Kennedy (regs), weduwee van die vermoorde Amerikaanse senator Robert Kennedy, saam met een van haar seuns, mnr. Michael Kennedy, met 'n onlangse besoek aan die kampus ter herdenking aan wyle senator Kennedy se besoek aan die US presies 30 jaar tevore, in Junie 1966. Mev. Kennedy het haar man destyds vergesel. Hulle het Stellenbosch toe besoek op uitnodiging van die manskoshuis Simonsberg, waar sen. Kennedy 'n toespraak gehou het wat wyd opslae gemaak het.

Links op dié foto is mej. Lizl van Drimmelen, 'n honneursstudent in die Joernalistiek, wie se pa, mnr. Willem van Drimmelen van Pretoria, destyds as primarius van Simonsberg vir senator Kennedy genooi het om dié koshuis te besoek.

Robert Kennedy, 'n broer van die vermoorde Amerikaanse president John F. Kennedy, het sy oog op die Amerikaanse presidentskap gehad, maar twee jaar later, in Junie 1968, is Robert Kennedy ook in 'n sluipmoordaanval dood.

Vyf van mev. Ethel Kennedy se nege kinders asook verskeie skoon- en kleinkinders was by toe sy Stellenbosch onlangs besoek het. Hulle is deur die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, ontvang en was ook by Simonsberg (bekend as die Withuis) waar 'n foto van 1966 se Kennedy-besoek sedertdien steeds hang. •



HUIS DIV nou woonstelgebou

Een van die Universiteit se ouer koshuise, Huis de Villiers, wat sedert sy oprigting in 1940 'n vrouekoshuis was, is nou 'n woonstelkompleks vir senior mans- en vrouestudente.

Hoewel die naam Huis de Villiers vir die woonstelgebou behoue gebly het, en dit steeds deur die Universiteit se koshuisadministrasie-afdeling bestuur word, funksioneer dit nie meer as 'n koshuis nie.

In die plek van die ou koshuiseetsaal, -kombuis en -ontspanningsruimtes het bykomende woonruimtes gekom. Die "nuwe" Huis de Villiers huisves 158 Maties, waarvan 120 in enkelkamers is. Voorheen het die koshuis slegs 143 studente gehuisves.

Die gebou bestaan nou uit 21 woonstelle van verskillende groottes, met vier tot tien studente in elkeen. In elke woonstel word slegs mans- of vrouestudente geplaas.

Nadat die laaste Huis Divvers die koshuis aan die einde van 1994 verlaat het, was die gebou verlede jaar gesluit om opgeknip en heringerig te word. •



Enkele woonstelle is so ingerig dat dit parapleë kan huisves. Elektroniese toegangsbeheer sorg vir al die bewoners se veiligheid. 'n Groot deel van die tuin wat daar was, is in geteerde parkeerplekke omskep. Die ou ingang in Neethlingstraat, teenoor Harmonie, is toegebou en die hoofingang is nou van die gebou se suidekant af.

Die naam Huis de Villiers dateer sedert die gebou in 1940 opgerig is. Dit is vernoem na wyle mnr Arthur van der Lingen de Villiers, wat destyds 'n groot donateur van die Universiteit was. •

Die Afdeling Deeltydse Studie se nuwe gebou is teen sowat R8,75 miljoen op die Bellvillepark kampus voltooi. Dit is na die Kanselier, dr. Jan van der Horst, vernoem.

Dié koste sluit toerusting, terreinwerk en parkeerareas in. Die nuwe gebou vervang die geriewe by die Buitemuurse Afdeling, soos dit voorheen genoem is, in Mike Pienaar rylaan, Bellville. Alle afdelings is nou in een gebou in teenstelling met vroeër toe verskillende geboue die destydse Buitemuurse Afdeling uitgemaak het. Die Universiteit het die terrein en geboue in Mike



Deeltydse Studie

spog met nuwe gebou op

Bellvillepark



Die kanselierspaar, mev. Truida en dr. Jan van der Horst, by die nuwe gebou wat na hom vernoem is.

Pienaar-rylaan waar Buitemuurs sedert sy ontstaan in 1958 gesetel was, verkoop om die oprigting van die nuwe gebou moontlik te maak.

Dit is langs die Skool vir Openbare Bestuur se gebou, en digby dié van die Bestuurskool, wat albei die JG van der Horst gebou se lesingsale en klaskamers bedags gebruik.

Die nuwe gebou het twee skuinsvloer-lesingsale (een met 110 en een met 95 sitplekke), twee gelykvloer-sale met 40 sitplekke elk, ses seminaarkamers en vyf kleiner klaskamers.

Studente van die Afdeling Deeltydse Studie maak nou

gebruik van die Bestuurskoolgebou se biblioteek, wat die biblioteekvoorraad van die eertydse Buitemuurse Afdeling opgeneem het. Die JG Van der Horst gebou het sy eie rekenaargebruikers-area wat 40 rekenaars bevat. Daar is ook 'n klein kafeteria wat ligte verversings verskaf.

'n Kenmerk van die tweeverdieping-gebou is 'n glaskoepeldak wat daglig tot onder in die ingangsportaal inlaat. 'n Skuins loopvlak (soortgelyk aan dié in die JS Gericke Biblioteek op die sentrale kampus) verbind die twee verdiepings. Die hele gebou is toeganklik vir rolstoelgebruikers.

Aan die einde van 1997 word die graad B.A. vir onderwysers en die graad B.Admin. by die Afdeling Deeltydse Studie uitgefaseer. Die aanvraag na B.A. het afgeneem omdat beurse nie meer vrylik vir onderwysstudente beskikbaar is nie, en weens die onsekerheid in die onderwysberoep.

Vanaf 1997 word net die graad B.Econ. afsonderlik in Engels en Afrikaans aangebied. Dit sal na verwagting heelwat studente uit ander bevolkingsgroepe lok. Die kursus, met elf vakke, word oor vier jaar aangebied.

As studente aan die einde van die vier jaar die graad wil omskakel na 'n B.Comm. kan hulle in die daaropvolgende jaar Rekeningkunde II voltyds aan die Universiteit of deur Unisa verwerf. Studente wat dié opsie uitoefen, verwerf nie die graad B.Econ. aan die einde van die vierjaarkursus nie, d.w.s. nie B.Econ. én B.Comm. nie.

Die Afdeling Deeltydse Studie het sowat 300 studente. •

m o s s e l b a a i hou saamtrek



Prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), was die geleentheid-spreker toe Mosselbaai en omgewing se Oudmaties reünie gehou het. Huidige studente se ouers en ander vriende van die Universiteit was ook daar. Prof Viljoen en sy vrou, Hana, is hier (regs) by Theo en Naideen Hickman.



Biesie Biesenbach saam met Gerbre en Harry Hill.



Koos en Theresa Viljoen, Christina en Hansie Nel.



Erna en Jan Bruwer en Rina Malan.

Seun onttron pa



Nadat Simon van den Bosch verskeie jare die Natalse Oudmaties se gholftoernooi gewen het, is hy by vanjaar se toernooi op Umkomaas geklop deur sy seun Brad (links) wat hier saam met pa Simon breed glimlag omdat die trofee steeds Van den Bosch besit gebly het. •

Raadslid vereer



Dr. Gerhard van Niekerk, 'n lid van die Universiteitsraad en gewese dosent in Ekonomie aan die US, het vroeër vanjaar 'n eredoktorsgraad (D.Phil.) van die Universiteit van Transkei ontvang. Dr. Van Niekerk, wat uitvoerende direkteur van Ou Mutual is, het B.Comm. en Hons.B.Comm. op Stellenbosch verwerf, en die graad M.A. (in Ekonomie) met lof aan die Northwestern University in Chicago. Hy is ook 'n lid van die "United States-South Africa Business Development Committee" wat deur adjunkpresident Thabo Mbeki en visepresident Al Gore gestig is. •

OUDMATIES PRESTEER



Reuter presteer in Europa

Dr. Markus Reuter, 'n Oudmatie en ouddosent in Metallurgiese Ingenieurswese, het onlangs professor in grondstof-prosessering aan die Tegnologie-universiteit in Delft, Nederland, geword. Hy het in 1991 'n doktorsgraad aan die US behaal. Verlede jaar het die Aachen Tegnologie-universiteit in Duitsland die "Venia Legendi" toekenning aan hom gegee, vir 'n meer gevorderde doktorsgraad. Dit is Duitsland se belangrikste tegnologie-universiteit. Dié toekenning gaan slegs aan iemand met 'n buitengewone nywerheidservaring en publikasierekord. Die kandidaat word ook beoordeel op grond van 'n proefskrif, eksterne eksamen, lesing as besoekende dosent en goedkeuring deur al die betrokke professore. Dit het aan hom die titel dr. habil. besorg asook die reg om aan daardie universiteit te mag klasgee - iets wat andersinds net beskore is vir professore wat vaste aanstellings daar het. Hy het ook dié universiteit se Friedrich Wilhelm Prys vir die beste proefskrif ontvang. Prof. Reuter het tot onlangs in Gauteng gewoon, waar hy aan Mintek verbonde was. Hy dien in die redaksieraad van die internasionale vaktydskrif "Minerals Engineering," saam met nog 'n Oudmatie en ouddosent in Metallurgiese Ingenieurswese aan die US, prof. Jannie van Deventer wat nou in Australië woon. Prof. Reuter se pa, wyle prof. HO Reuter, was 'n US-professor in Elektriese Ingenieurswese, wie se drie ander kinders ook Oudmaties is: dr. Kaia van Heerden ('n medikus, getroud met prof. Etienne van Heerden van Grahamstad), mev. Uta Junghardt van Switserland en mnr. Hanno Reuter, 'n ingenieur van Pretoria. •

International honour for agriculturalist

Prof. Tim Bembridge recently became the first South African to receive the Outstanding Leadership Award of the Association for International Agricultural and Extension Education. It was awarded at the Association's annual conference in Washington, DC, earlier this year. Prof. Bembridge is emeritus professor of agricultural and rural development at the University of Fort Hare and was until recently a part-time professor in agriculture and rural development at Pretoria University.



He is a member of the board of the Agricultural Research Council, chairman of the board of governors of Fort Cox Agricultural college in the Eastern Cape, and a board member of the East Cape Agricultural Bank and East Cape Appropriate Technology Unit. Prof. Bembridge holds three doctor's degrees (two from Stellenbosch) and is the author or co-author of five books and over 200 other publications in various fields of agriculture. He obtained Ph.D.(Agric.) in 1984 and D.Sc.(Agric.) in 1991, both from Stellenbosch University. He lives in Somerset West. •

Produktiwiteitskenner kry eregraad

Dr. Jan Visser, uitvoerende direkteur van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut (NPI), het 'n eredoktorsgraad (D.Com.) by die Universiteit van Pretoria ontvang. Dr. Visser, wat sedert die NPI se ontstaan in 1968 die uitvoerende direkteur is, is die langs dienende hoof van 'n produktiwiteitsentrum ter wêreld.



Hy geniet wêreldwye erkenning vir sy kennis en bydrae tot die produktiwiteitsbeweging. In 1993 is hy verkies as 'n genoot van die Wêreldkonfederasie van Produktiwiteitswetenskap, een van die internasionale oorkoepelende organisasies van produktiwiteitsentrums.

Dr. Visser het deelyds aan die UIP gestudeer en in 1959 'n meestersgraad in Bedryfseconomie verwerf. In 1975 het hy 'n doktorsgraad in Bedryfseconomie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy is 'n deelydse boer met 'n gevestigde Bonsmara-stoet op sy plaas naby Bronkhorstspruit en was jare lank voorsitter van een van die grootste boereverenigings in die land. •



From the plains of Kilimanjaro to Stellenbosch.

equipment at the department is no different than what he had in the USA, "but I would love to see this department expand even further." It took a while, though, to get used to life in the town of Stellenbosch. "In the United States one tends to live very fast. Here life is almost at a standstill!"

Dr Mchau can speak four languages and is trying to pick up Afrikaans as Stellenbosch will be his hometown for the next three years.

The department's research on eyespot, funded by the

Dr Godwin Mchau with Prof Pedro Crous in the University's plant pathology research laboratory

East African helps University to serve Africa

by Terry Nel

"There are a lot of challenging diseases in Africa. The University of Stellenbosch has all the facilities available and is in a very good position to serve Africa in this way."

This is the opinion of Dr Godwin Mchau, senior research assistant under Prof Pedro Crous at the Department of Plant Pathology. Dr Mchau joined the Small Grain Biotechnology Programme at the department in May last year.

He is now helping with important research on eyespot, a major disease of wheat in the Swartland; bean scab of beans, a well-known dry bean disease in many parts of Eastern and Southern Africa; as well as field surveys of diseases in canola, a relatively new crop in South Africa.

Born "on the plains of Mount Kilimanjaro", Dr Mchau went to school in Tanzania and left for the USA in 1983 where he studied and worked for eleven years. He obtained a B.Sc. in Fruit Industries and an M.Sc. in Agricultural Science at the California Polytechnic University, and did his Ph.D. in Plant Pathology at the University of California Riverside. In 1993 he left for the University of Kansas where he worked as a post-doctoral researcher and lecturer.

Why then did he come to Stellenbosch? I used to read all Prof Crous' papers and I found it very interesting. When I saw he needed an assistant I felt I knew him already and immediately sent an application.

Being a workaholic (and enjoying every minute of it) Dr Mchau sometimes works up to thirteen hours at a stretch, waiting in excitement for a specific result. The

Wheat Board, is vital for farmers in the Western Cape, says Dr Mchau. It is a serious disease which causes the infected wheat to fall flat and in turn become impossible to harvest. It can cause losses of up to 50 percent in some years. Confined to the Swartland and Koeberg areas, it has also been spotted in a few fields in the Caledon area.

The fungus *Tapesia yallundae* is responsible for the disease. Unfortunately there is a build-up of resistance to some commercial fungicides used continuously in some fields. The research, at Stellenbosch University, done in co-operation with the Small Grain Institute at Elsenburg, helps farmers to determine which fungicide will be the most effective. They look at fungicide sensitivity concentrating on understanding the genetics of the fungus, which is critical in fungicide and disease management.

Bean scab is one of the most serious diseases of beans in Africa. The fungus *Elsinoë phaseoli*, which is "the most devastating genus of fungi" according to Prof Crous, can cause yield losses of up to 70 percent. It is a relatively new disease in South Africa. Affected plants get white to grey outgrowths on the leaves, stems and pods, and pods become distorted, failing to form seeds.

Their research uses new molecular techniques for the quick identification of the various species involved of the fungus. This will help to facilitate the implementation of appropriate control measures. Scab is also an important disease of Protea species and techniques developed will be adopted for these commercial cut-flowers in the Western Cape.

Initial funding for this project was given by the Rockefeller Foundation in the USA. •

'Profeet'

sorg vir

Gebruiksafrikaans

Terwyl baie mense handewringend oor Afrikaans se toekoms praat, bevorder 'n nuwe sentrum aan die Universiteit doelgerig dié taal se gebruik deur navorsing, opleiding en diens.

Die Sentrum vir Afrikaanse Gebruikskunde (Sagus) is in die Departement Afrikaans en Nederlands. Prof. Leon de Stadler is die deeltydse direkteur daarvan.

Sagus is toevallig ook die Latyn vir "profeet". Dalk voorspel dié Stellenbosse "profeet" nog baie goeie dinge vir Afrikaans.

"Die wêreld beleef nou die inligtingsera, waarin goeie kommunikasie van oorheersende belang is," sê prof. De Stadler.

"Ongelukkig veroorsaak kommunikasie ook nou talle probleme: soos politieke en arbeidsdispute, swak interne kommunikasie in maatskappye en ander instansies en tussen regering en bevolking, student en dosent, skolier en onderwyser, swak bemaking, interkulturele spanninge en interpersoonlike probleme, om maar net 'n paar te noem. Kortom, swak kommunikasie is dikwels die wortel van baie kwaad."

Geskrewe medium


Die sentrum, sê prof. De Stadler, wil hom toespits op die faktore wat suksesvolle kommunikasie bepaal, die oorsake wat kommunikasieprobleme in veral die geskrewe medium veroorsaak, teksstruktuur en -soorte, formule-ring, styl en register, argumentasie en retorika, mediakunde (Afrikaans in die media), taalverskeidenheid, woordeboekgebruik, vertaling, tweedetaalonderlig en skeppende skryfwerk.

Teikengroepe vir Sagus is alle studente en opvoedkundiges wat met Afrikaans te make het, die media, vertalers, taalversorgers en redigeerders, kopieskrywers, die openbare sektor se kommunikasie met die publiek, asook die private sektor se kliënte- en interne kommunikasie.

Een van Sagus se eerste projekte is 'n publikasiereeks oor Afrikaanse Gebruikskunde waarvan die eerste twee publikasies einde vanjaar verskyn. 'n Gerekenariseerde databank vir taalgebruikshulpmiddele word in die vooruitsig gestel.

Vaardighede in die gebruik van Afrikaans is een van die doelwitte van Sagus. Dus word kursusse vir dosente en onderwysers beplan. Joernaliste en aspirantskrywers gaan ook hierby betrek word.

'n Ander gebied waar Sagus graag betrokke wil raak, is



Prof. Leon de Stadler

gebruikersvriendelike Afrikaans in regs- en mediese terminologie. Hy wil ook binnekort betrokke wees by diensleweringprojekte.

Sagus probeer landwyd met kundiges saamwerk om die taal gebruikersvriendelik te maak en sy doeltreffende gebruik te bevorder.

Om sy projekte te laat slaag, kort Sagus die publiek se geldsteun. Ander bydraes is ook welkom. Die adres is: Die Direkteur, Sentrum vir Afrikaanse Gebruikskunde, Departement Afrikaans en Nederlands, Privaatsak X1, Matieland, 7602 tel. 021-808-2158/9. •

Die Kaapse Belegger

DIE PRIVAAT-GESIRKULEERDE
AFRIKAANSE NUUSBRIEF
VIR MENSE WAT ERNSTIG IS OOR HUL
GELDSAKE

Vir u GRATIS komplimentêre uitgawe
(sonder enige verpligting),
stuur u naam en adres aan:
Posbus 1927, Durbanville 7551
of faks aan: (021) 96-9269
of e-pos na: Beltel: 880990
Internet: 100076.
1540@CompuServe.COM



Baie miljoene wêreldwyd sien Coetzenburg op TV

Sowat 185 miljoen televisiekykers dwarsoor die wêreld het vroeër vanjaar lang tonele van Coetzenburg en die natuurskoon van die omliggende berge gesien. Dié geleentheid was die Wêreld Veldwedloop-kampioenskapsbyeenkoms.

Meer as 1 000 langasems uit 70 lande het deelgeneem. Die roete het die Danie Craven stadion en kronkelende paaie op Coetzenburg en teen die hange van Stellenboschberg ingesluit.

Van die TV-kommentators het by tye heeltemal liries geraak oor die pragtige roete.

Maar vir die deelnemers was die roete nie 'n grap nie. Daar was baie draaie, twee bergpadgedeeltes, selfs twee kunsmatig aangelegde bulte en 'n lang sandstrook. In die middel van die stadion is 'n boomstomp as hinderenis aangebring, wat 'n Ethiopiër, een van die gunsteling, laat struikel het sodat hy sy ritme verloor en uitgesak het. Dit was die 24ste jaarlikse byeenkoms vir

dié sportsoort, gereël deur die Internasionale Amateur Atletiekfederasie (IAAF). Aksie was volop. Die puik vertonings van mans- en vroue-atlete uit Afrika het die byeenkoms feitlik deurgaans oorheers.

Dr. Primo Nebiolo, die IAAF se voorsitter, was vol lof vir dié eerste wêreldbyeenkoms in Suid-Afrika. Ander voorste atletiekbase was ook beïndruk met Coetzenburg en die aanbieding van die byeenkoms. Dit is selfs beskou as 'n goeie advertensie vir Kaapstad se aanbod om die Olimpiese Spele van 2004 aan te bied.

Pres. Nelson Mandela was die eregas. Hy is ook met die IAAF se Hoogste Orde Medalje verveer.

Mnr. Belius Potgieter, direkteur van die Universiteit se Sportburo, het gesê hy is baie in sy skik met hoe glad alles by die byeenkoms verloop het. Hy en sy personeel was vir die sekuriteit verantwoordelik. 'n Hele aantal Stellenbosse vrywilligers, waaronder talle Maties het as vrywilligers opgetree en gehelp om die byeenkoms 'n groot sukses te maak. •

CRAVENWEEK derde keer by US

Die Universiteit was vanjaar vir die derde keer sedert 1973 die gasheer vir die wêreld se grootste skole-rugbytoernooi, die Cravenweek vir Hoër Skole.

Van so ver as Zimbabwe en Namibië het skoolseuns op Coetzenburg deelgeneem aan die 33ste Coca Cola Cravenweek. Wyle dr. Danie Craven, die legendariese rugbybaas na wie die stadion vernoem is waar die Cravenweek se hoofwedstryde vanjaar gespeel is, was die vader van dié toernooi.

Die heel eerste Cravenweek was in 1964 in Oos-Londen. In 1973 is die toernooi die eerste keer op Dok se geliefde Coetzenburg aangebied. Toe dit weer hier gehou is, in 1980, is geskiedenis gemaak met 'n bruin span wat vir die eerste keer deelgeneem het. Dr. Craven het self hard hiervoor geveg, en hulle het tuisgegaan in Wilgenhof, waar hy vroeër die inwonende hoof was. Daarna sou rugby vinnig sy deure oopmaak vir die deelname van alle rasse aan dié sport.

In 1980 het Cravenweek op Stellenbosch ook saamgeval met die eeufeesvierings van die Maties se rugbyklub en met Dok Craven se 70ste verjaardag later daardie jaar.

Die Cravenweek-toernooi het reeds 101 Springbok-rugbyspelers opgelewer, waarvan talle ook Maties was. Die 101ste een is die Matie Justin Swart wat van 1989 tot 1991 Cravenweek gespeel het en onlangs Springbok geword het. •



Kiwis oefen hier



Jeff Wilson (links) en die All Black kaptein Sean Fitzpatric op Coetzenburg toe die Nieu-Seelanders tydens hul onlangse toer in Suid-Afrika enkele dae op dié veld geoefen het. Matie rugbyspelers is as helpers ingespan en honderde nuuskieriges het by die Danie Craven Stadion opgedaag om na die oefeninge te kyk. Die Kiwis het onder meer ook die moderne US Gimnasium gebruik en was beïndruk met Coetzenburg. •


Rugbyklub se 147ste Bok



Justin Swart het onlangs die 147ste lid of oudlid van die Matie se rugbyklub geword wat Springbokkleure verwerf het. Hy is vanjaar 'n B.A.Hons. student in Sielkunde aan die US, en het op Stellenbosch grootgeword met albei sy ouers as US akademië. Sy pa, prof. Blackie Swart, het onlangs as dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe afgetree en sy ma, mev. Marieken Swart, is 'n dosent in Engels. •

Tien in SA spanne

Vier Maties en ses Oudmaties is vroeër vanjaar in die Suid-Afrikaanse en SA o.21 netbalspanne ingesluit en het albei spanne se kapteins opgelewer. Hier is (van links) Lana van der Westhuizen wat tot verlede jaar nog vir die Maties gespeel het en Deidre Baird (albei SA spanlede) asook SA o.21 spanlede Bronwyn Bock (die SA o.21 kaptein), Henriëtte Vorster en Liezl Wium. Laasgenoemde vier is huidige Matieklublde. Die ander vyf Oudmaties wat in die SA span opgeneem is, is Elsje Dercksen (kaptein), Desree Neville, Bennita van Zyl, Eleanore Melck en Patrys Basson. Bronwyn Bock is in 1995 as die beste o.21 speler in Afrika aangewys. Deidre Baird is die eerste Matie wat as student in 'n SA span internasionaal kon meeding. (In 1985 is Beverley Wait ook as Matie in 'n SA span ingesluit, maar dié span kon nie internasionaal deelneem nie). Die SA span het vanjaar Australië en Nieu-Seeland toe getoer. Die SA o.21 span was vir 'n wêreld-jeugtoernooi Kanada toe en het in Suid-Afrika teen die Aussies gespeel, onder meer in 'n toets in die DF Malan Gedenksentrum op Coetzenburg. •





Prof. Chimpie Cawood



Prof. Edith Katzenellenbogen



Mnr. Johan Fechter



Die Universiteit het ook onlangs afskeid geneem van prof. Blackie Swart, wat die afgelope ses jaar dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was en sedert 1981 aan die US verbonde was.

Groot getal tree uit

Die Universiteit het vroeër vanjaar afskeid geneem van 39 akademici en 110 nie-akademiese personele wat uittreepakette aanvaar het. Van hulle het die US verlaat; ander bly in tydelike poste aan.

Onder die uittreedende akademici is proff. Arminius Archer (Direkteur, Buitemuurs, wat 17 jaar by die US

is), Chimpie Cawood (25 jaar) en Piet Human (20 jaar) albei van Didaktiek, Edith Katzenellenbogen (Menslike Bewegingskunde, meer as 34 jaar), OT de Villiers (wat sedertdien oorlede is) en Adri van der Walt (albei van Botanie, elk met 27 diensjare), Dries Retief (Genetika, 20), Hermann Spangenberg (Besigheidsbestuur en -administrasie, 6), Philip Spies (Direkteur, Eenheid vir Toekomstnavorsing, 26), HP Steyn (Antropologie, 10), Cas Terblanche (BGTO, 10), Schalk van der Merwe (Privaat- en Romeinse Reg, 8), Bert van Stekelenburg (Latyn, 23) en Diko van Zyl (Geskiedenis, 30).

Ander uittreedende akademici met lang dienstye sluit in mee. Wisa Raubenheimer (Sosiologie, 32 jaar) en Rosa Otterman (Huishoudkunde, meer as 30 jaar). Mnr. John Antoniadis en sy vrou, Lona, albei van die Konservatorium, het elkeen meer as 27 diensjare en mnr. Thys Neethling (Meganiese Ingenieurswese) 25.

Die res van dié 39 uittreedende akademici is drr. Arnold Blumer (Duits), Piet du Toit (Onderwysadministrasie), Marius Hanekom (Didaktiek), Frances Howes (Maatskaplike Werk), Gerrit Pool (Geskiedenis), Suzanne Shuda (Sielkunde), Dawie Swart (Sielkunde), Jan Visagie (Geskiedenis) en Corrie Wessels (MBK); mee. Annemare Kotze (Latyn), en Adèle van Zijl (Antropologie); asook mnre. Nils de Jager (BEO), Siegfried Dörmose (Polimeerwetenskap), Paul Emsley (Beeldende Kunste), Johan Fourie (Afrikaans: Didaktiek), Henk Griesel (Hortologie), Martin Henn (Geskiedenis), André Kellerman (Sosiologie), Daan Roestorf (Skoolkuns: Didaktiek), en Hennie van der Merwe (Afrikaanse Kultuurgeskiedenis).

Openbare Betrekkinge, US Stigting saamgevoeg

Senior aanstelling uit sakewêreld



Mnr. Kobus Visagie

Mnr. Kobus Visagie, hoof uitvoerende beampte van die Zenex Stigting in Johannesburg, is vanaf 1 Oktober by die US aangestel as senior direkteur van die Afdeling Kommunikasie en Bemarking. Dié afdeling het tot stand gekom weens die samevoeging van die Afdeling Openbare Betrekkinge en die US Stigting.

Mnr. Visagie het B.Sc.Agric. en H.O.D. op Stellenbosch verwerf. Hy het later B.Com. en Hons.B.Com. aan Unisa asook M.Com. aan die RAU behaal. Hy was onderwyser en daarna visehoof van die Boskop opleidingsentrum waarna hy in diens van die Korporasie vir Ekonomiese Ontwikkeling en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika was.

Vanaf Februarie 1988 was hy verbonde aan Gencor, eers as projekbestuurder en later as voorsitter van die Gencor Ontwikkelingstrust. Sedert Junie verlede jaar was hy aan die Zenex Stigting verbonde. •

• Onder die 110 nie-akademici wat uitgetree het, is mnre. Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge (wat sowat 21 jaar aan die US verbonde was); Nic Lubbe (direkteur: Rekenaardienste, Informasietegnologie); dr. Thys Malan (Buvo), Dawie Snyman (hoofsportbeampte, Rugbykantoor); Andrew Burger (Kursusse), Piet Compion (Navorsingsontwikkeling) en Rex van Staden (hoof: Studenterekords). •

Besoekende dosent

Dr. Leopoldt van Huyssteen, 'n Oudmatie wat direkteur van LNR-Nietvoorbij Instituut vir Wingerdbou en Wynkunde op Stellenbosch is, is sedert Julie vir drie jaar as besoekende professor in die Instituut vir Wynbiotegnologie aan die Universiteit aangestel. In 1982 was hy die eerste ontvanger van die SA Wingerd-en Wynboukondevereniging se prys vir navorsing en innovasie in die wynbedryf, in 1989 is hy as Wes-Kaapse Landboukundige van die Jaar aangewys en in 1994 het hy die Grondkondevereniging van SA se toekenning vir uitnemende diens aan grondkunde ontvang. As 'n topnavorsers in die wynbedryf, met 'n uitstekende navorsingsrekord en met goeie ervaring om op navorsingsvlak leiding te gee, bring hy aanvullende kundigheid na die Universiteit. Hy werk reeds 'n geruime tyd hier saam met dosente en nagraadse studente. As besoekende professor is hy deurlopend by die Instituut vir Wynbiotegnologie se nagraadse studieleiding en navorsingsbeplanning betrokke. Sy aanstelling bevorder ook noue samewerking tussen die Universiteit en Nietvoorbij. •



Presteerder kry eerste Dekaanstoekenning

"Sy uiters voortreflike akademiese prestasies, saam met sy sterk leierseienskappe, aangename persoonlikheid en nederigheid is indrukwekkend en sal moeilik geëwenaar word."

So beskryf prof. Leon Lorenzen, voorsitter van die Departement Chemiese Ingenieurswese, vir dr. Derick Moolman, 'n dosent van dié departement wat die eerste ontvanger is van die Ingenieursfakulteit se Dekaanstoekenning vir Uitmuntende Prestasie.

Dr. Moolman het R5 000 en 'n medalje gekry. Die toekenning is vir uitmuntende prestasie tydens heeltydse voor- en nagraadse studie.

Hy het B.Ing. in 1992 met lof verwerf en aan die begin van 1993 M.Ing. aangepak.

Sy navorsing vir dié tesis lewer teen die einde van 1993 reeds 'n substansiële bydrae op die gebied van mineraalprosessering, beheerstelsels en die gebruik van videografiese beelde saam met neurale netwerke vir prosesbeheer. Aan die begin van 1994 word sy registrasie na Ph.D.(Ing.) verander nadat hy vir sy M.Ing. kursusse in die vorige jaar gemiddeld 95% behaal het.

Hy het sy doktorsgraad verlede jaar in die minimum toelaatbare tyd van sewe jaar behaal.


Met medalje vereer

Die Grondkondevereniging van Suid-Afrika het prof. Hulme Moolman, voorsitter van die Departement Grond- en Landbouwaterkunde, vereer met 'n silwer medalje vir sy buitengewone diens aan die vereniging en aan die bevordering van dié studieveld. Hy is ook onlangs as president van die vereniging aangewys. •



Cloete in Hersieningskommissie

Prof. Fanie Cloete van die Departement Openbare en Ontwikkelingsbestuur en dosent in Beleidsanalise aan die Skool vir Openbare Bestuur, is aangestel in die Staatspresident se Hersieningskommissie. Hy is een van 16 deeltydse kommissarisse wat na die herstrukturering van die Staatsdiens gaan kyk. Hy was tot onlangs voorsitter van die Wes-Kaapse Afbankingsraad. Die Hersieningskommissie se take is om onder meer 'n interne ondersoek te doen na elke ministriële departement, provinsiale administrasie, staatsorganisasie-komponent, -kantoor, en -agenskap sodat openbare verantwoording nagestreef kan word. •



Dr. Derick Moolman

Dr. Moolman en ander medewerkers het reeds nege artikels voorberei, wat gepubliseer of vir publikasie in hoogstaande vakjoernale aanvaar is. Hy het onder meer ook 'n voorlopige patent geregistreer, elf voordragte op internasionale konferensies gelewer, werkwinkels in Helsinki en Randburg aangebied, ses voordragte op nasionale konferensies gelewer en op uitnodiging drie hoofstukke in handboeke gepubliseer. •

MATIELAND HET MET LEED-
WESE VERNEEM VAN DIE HEEN-
GAAN VAN DIE VOLGENDE US-
PERSONEELLEDE, OUD-MATIES,
MATIES EN ANDERE WAT 'N
VERBINTENIS MET DIE
UNIVERSITEIT GEHAD HET:

Mev. JvG Ainslie (79) van Brummeria, Pretoria; B.Sc. in Huish., Sert. in Spraak en Voordrag, H.O.D. (1939, '40).

Mev. HS Botha (geb. Bosman) (63) van Pretoria; Sert. in Spraak en Voordrag (1951); vrou van oudminister Pik Botha.

Mej. Michelle Barr (19) van Botha's Hill, Kwazulu/Natal; 'n eerstejaarstudent in Menslike Bewegingskunde en inwoner van Irene, wat op Stellenbosch in 'n fietsongeluk oorlede is.

Mev. M (Marietjie) Booker (geb. Wentzel) (44) van Monumentpark, Pretoria; B.A. en Spesiale Diploma in Klinies-Remediërende Onderwys (1975, '77).

Mnr. DE Carnelley (43) van Pietersburg; B.Sc. en Hons.B.Sc. in Landb. (1974, '77); is in 'n motorongeluk oorlede.

Mnr. JH Cloete (73) van Hennopsmeer, Pretoria; B.Sc. in Landb. (1945) en was 'n oud-Dagbreker.

Mnr. RL Compion (45) van Keimoes; B.Agric.Admin.

Dr. WA (Bill) de Klerk (79) van die Paarl; B.A., LL.B. (1937, '39); was vir vyf jaar advokaat; doen drie jaar radiowerk vir die SAUK en in Londen vir die BBC; het naam gemaak as skrywer van eenbedrywe, romans, joernalistieke prosa, betogende geskrifte en reisverhale; sy jeugroman *Die skarlaken eskader*, is meer as 24 keer herdruk en het gespruit uit sy ervarings as lid van die Lugmag terwyl hy aan die US gestudeer het; hy wen die Hertzogprys in 1952 vir die roman *Die jaar van die vuur-os*; verower in 1958 die Scheepersprys vir Jeuglektuur vir *Willemien se ligte dae*; sy historiese roman *Die laer* (1964) is met die Nasionale Boekhandelprys bekroon; in 1972 verskyn sy opspraakwekkende *Die Afrikaners*; daarna volg o.m. die drama *Die markplein* (1978), nog 'n betogende werk, *Tyd van vernuwing* (1979), en *Die afgrond* (1984); sy laaste manuskrip is 'n dag voor sy dood voltooi; hy het 'n eredoktorsgraad van die Potchefstroomse Universiteit ontvang en die Stigting Simon van der Stel het 'n goue erpenning vir bewaringswerk aan hom toegeken.

Prof. WJ (Johan) de Kock (39) van Pretoria; Hons.B.Ing. (1982).

Mnr. PJK (Piet) Delport (78), oorspronklik van Kirkwood, het sedert 1957 in Port Elizabeth gewoon waar hy tot sy aftrede in 1991 saam met sy broer, Willem, 'n oud-Springbok haker, as prokureur gepraktiseer het; B.A., S.O.D., M.A. (1939, '40, '47); oud-Dagbreker en oudredakteur van Die Matie.

Mnr. Alco de Villiers (25) van Somerset-Wes; 'n M-stu-

dent in Meganiese Ingenieurswese, wat in 'n frantsongeluk by die stroomvloeitenk van die Departement Meganiese Ingenieurswese oorlede is.

Prof. OT de Villiers (58) van Stellenbosch; B.Sc., Hons.B.Sc., M.Sc. met lof, D.Sc. (1960-'67); was o.m. aan die UP verbonde voordat hy in 1970 dosent in Biochemie aan die US geword het; later senior navorser in Akkerbou en Weiding; sedert 1990 professor in plantfisiologie, Departement Botanie; het meer as 100 navorsingspublikasies gelewer en minstens 40 voordragte op internasionale kongresse aangebied; was president van die SA Vereniging vir Gewasproduksie; het in 1975 en 1981 aan die Universiteit van Kalifornië (Davis) navorsing gedoen; was in sy jong dae 'n Boland-krieketspeler. **Mnr. HS Louw Ferreira** (80) van Jeffreysbaai; B.Sc., S.O.D. (1940, '41) het skoolgehou op Oudtshoorn, George, Vryburg en Graaff-Reinet, en was hoof van die hoër skole op Nuwerus en Kirkwood.

Mev. EM (Bettie) Gericke (geb. Hugo) (82) van Stellenbosch; B.Sc. in Huish., S.O.D. (1935, '36); oudinwoner van Monica; weduwee van dr. JS (Kosie) Gericke wat lank visekanselier van die US was.

Mev. H Aletta Giliomee (geb. Steyn) (38) van Bredasdorp; B.Sc. (1979) en 'n oudinwoner van Erica.

Mev. JJ Grobbelaar (geb. De Villiers) (87) van Stellenbosch; B.Sc. M.Sc. en S.O.D. (alles met lof, 1927-'29).

Mnr. R. Hirzel (87) van Kloof, Kwazulu/Natal; B.Sc. in Landb. (1932) en 'n oud-Dagbreker.

Mnr. JN Joubert (56) van George; B.A. en LL.B. (1962, '63).

Mnr. André Klue (23) van Uniondale; 'n finalejaar B.Sc.Agric.-student in Wingerdkunde; is op Stellenbosch in 'n motorongeluk op 'n treinspoorkruising oorlede.

Mnr. Conrad Kruger (21) van Kaapstad; 'n B.Comm.-tweedejaarstudent wat tydens 'n kanovaart in die Eersterivier verdrink het; was 'n goeie tennisspeler; sy pa, Emile, is 'n oud-WP-tennisspeler.

Dr. J Kriel (57) van Oos-Londen; M.B., Ch.B. (1963).

Ds. HJ Lategan (69) van die Strand; B.A. (1948); was NG leraar o.m. op Lichtenburg, Ottosdal, Nieuwoudtville en Drakenstein.

Ds. EH Latsky (83) van Gallo Manor, Johannesburg; B.A. (1935); oud-Wilgenhoffer; was NG leraar, o.m. op Standerton, Bethal en Vryheid.

Mnr. SS Loubser (71) van Bellville; B.A., S.O.D. (1947, '48).

Mnr. CE Malherbe (66) van Ermelo; B.Sc. in Landb. (1951).

Dr. PE Mangold (25) van Sandton, Gauteng; M.B., Ch.B. (1994).

Mnr. JJ (Oubaas) Malan (77) van Bredasdorp; B.Sc. in Landb. (1941) en 'n oud-Dagbreker; was vir ses jaar lektor, navorser en voorligter op Stellenbosch en Elsenburg, waarna hy in Tanzanië (sy geboorteland) geboer het; boer sedert 1954 op Bredasdorp; was vanaf 1966 parlamentslid vir Swellendam en sedert 1972 adjunkminister van landbou.

Mnr. ACB Mitchell (61) van Bellville; Dipl. en

Die Burger



Dr. Bill de Klerk

Gevorderde Dipl. (B. & A.) (1980, '82).

Mnr. MJL (Thys) Olivier (84) van die Strand; B.A., S.O.D. (1932, '33) en 'n oud-Wilgenhoffer; oudrektor van die destydse Wellingtonse Onderwyserskollege en gewese voorsitter van die SA Onderwysersunie.

Oudprofessor NJJ (Nic) Olivier (76) van Kaapstad; B.A., M.A. (albei met lof), LL.B. en 'n tweede M.A.-graad met lof (1940-'50); 'n oud-Dagbreker; was 30 jaar aan die US verbonde tot hy in 1974 as professor in inheemse reg bedank het om tot die politiek toe te tree; sy werk *Die privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoe* (1968) was die eerste Afrikaanse handboek oor die inheemse reg in Suid-Afrika; dit is met sy seuns, proff. Nic en Willem Olivier, albei universiteitsdosente, as medeskrywers in 'n hersiene weergawe onder 'n nuwe titel in 1981 en 1989 heruitgegee; hy was ook vroeg in sy loopbaan die medeskrywer van 'n Zulu-grammatikaboek; het sowat 35 artikels in SA en internasionale tydskrifte gepubliseer; was as parlamentslid o.m. navorsingsdirekteur van die PFP en dié party se parlementêre woordvoerder oor konstitusionele aangeleenthede; 'n huldigingsbundel oor hom waaraan 22 van sy oudstude- te, -kollegas e.a. vakgenote (onder redaksie van prof. Pierre Hugo van Unisa) saamgewerk het, is in 1989 uitgegee; die *Universiteit van Zululand* het in 1988 'n eredoctorsgraad aan hom verleen.

Mnr. JH Pienaar (91) van Robertson; B.Sc. in Landb.

met lof (1926) en 'n oud-Dagbreker.

Prof. Kristo J Pienaar (73) van Bellville; D.Sc. (1965); bekende plantkundige; afgetrede professor in botanie, Universiteit van Wes-Kaapland; was lank stadsraadslid en burgemeester van Bellville; het in 'n aantal wetenskaps-, kultuur- e.a. rade gedien; is o.m. met die Staatspresident se Orde vir Voortreflike Diens (goud) vereer.

Mnr. D. Schreuder (48) van Kaapstad; B.Mil., Hons.B.Mil. met lof, M.B.A. (1970, '80, '82).

Dr. ME (Marietjie) Steyn (gebore Oosthuizen) (60) van Brooklyn, Pretoria; B.Sc., S.O.D., M.Sc. (1955, '56, '59); was 'n oudinwoner van Huis ten Bosch; het 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria behaal waar sy tot haar dood aan die departement fisiologie, fakulteit geneeskunde, verbonde was; was die weduwee van Oudmatie ds. Jan Steyn, wat tot sy dood in 1976 NG predikant o.m. op Potchefstroom en in Pretoria was.

Mnr. A Strydom (66) van Silverton, Pretoria; B.Comm. (1951); 'n oud-Dagbreker.

Dr. IS Terblanche (84) van die Strand; B.A., S.O.D., M.A. met lof en M.Ed. met lof (1930-'44); het later op Potchefstroom 'n doktorsgraad behaal; was skoolhoof op Britstown, Ladismith en Montagu, inspekteur op Prieska en De Aar en hoofinspekteur in Kimberley en Bellville; het na sy aftrede as vertaler by Sanlam gewerk.

Mnr. JWVE van der Spuy (80) van Somerset-Wes; B.A., S.O.D., Hons.B.A. (1938, '39, '60); 'n oud-Dagbreker.

Prof. JA van Eeden (75) van Potchefstroom; B.Sc., M.Sc., D.Sc. (1940-'50); 'n oud-Dagbreker.

Mnr. AS van Coller (84) van Potchefstroom; B.Sc. in Landb. (1935).


Mev. KC van Niekerk (geb. Muller) (50) van Uitenhage; Dipl. in Huish., O.D.H.N. (1963, '65).

Prof. HW (Horst) Weber (75) van Nuweland, Kaapstad, wat vanaf 1958 die eerste professor in Anatomiese Patologie in die Fakulteit Geneeskunde was; is in Duitsland gebore waar hy gestudeer het; sy geneeskundestudie is deur die Tweede Wêreldoorlog onderbreek toe die Duitse leër hom opgeroep het; hy het as infanteris twee opmarse na Rusland meegemaak wat een keer tot naby Leningrad gevorder het; was professor in Frankfurt en later hoofarts en professor in Heidelberg; het met sy aanstelling aan die US min Engels en geen Afrikaans geken nie, maar binne 'n jaar later sy lesings in Afrikaans aangebied; was o.m. 'n stigterslid van die SA Kollege van Geneeskunde en die SA tak van die "International Academy of Pathology"; het einde 1985 afgetree. •

Cape Argus



Dr. Nic Olivier



Prof. Horst Weber

Die HB Thom

Moderne toerusting maak nog 'n dramagraad moontlik

kry nuwe lewe op 30

"Go break a leg!" Met dié tradisionele teatergroet het prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), die Dramadepartement en HB Thom Teater op sy dertigste verjaardagviering voorspoed toegewens.

Die HB Thom se hipermoderne klank- en beligtingstoerusting is terselfdertyd bekend gestel. Dit laat die HB Thom goed vergelyk met van die land se voorste teaters. En groot musiek- en ander produksies, wat tot onlangs dié teater sou systap omdat hy nie daarvoor toegerus was nie, kan nou aangebied word.

Die nuwe toerusting was ook nodig om die B.Dram. graadkursus vanaf 1977 uit te brei. 'n Gespesialiseerde graadkursus vir teateragnici - sover bekend die enigste in die land - word voortaan naas die reeds bestaande toneelgerigte kursus aangebied.

So lewer die Universiteit ook 'n akademiese bydrae om die uitvoerende kunste te bevorder, het prof. Viljoen met die nuwe toerusting se bekendstelling gesê.

Hy het vertel dat hy as ingenieurstudent in die vyftigerjare by verskeie Matie amateur-dramaproduksies agter die skerms gewerk het - in die Ou Hollandse Saal, wat in die sestigerjare gesloop is om vir die HB Thom Teater plek te maak.

Dié ou saal was die opleidingsteater vir die B.A.-graad in drama, voordrag en toneel wat sedert 1952 bestaan het. Die Dramadepartement se vroegste voorganger, die Afdeling Spraak, Voordrag en Toneel, is in 1910 al aan die Konservatorium ingestel.

'n Belg, prof. Fred Engelen, was die eerste hoof van die huidige Departement Drama, wat in 1961 ontstaan het. Engelen het die Dramagebou en HB Thom Teater help ontwerp. Sy vrou, die gevierde aktrise Tine Balder, was in dié baanbrekersjare saam met hom aan die departement verbonde.

Die teater is na die destydse rektor (wat later ook Kanselier geword het) vernoem. Dit is in 1966 as deel van die eeufees van hoër onderwys op Stellenbosch ingewy met 'n Afrikaanse produksie van Goethe se "Faust", wat spesiaal hiervoor deur prof. W.J. du P. Erlank ("Eitemal") van die Departement Afrikaans en Nederlands vertaal is.

Die HB Thom het destyds met van die modernste geriewe in die land gespog. Dit het die Kaapse kultuurlewe geweldig verryk.

Nou raak die teateroerusting se vernuwing weer nie

net die Universiteit nie, maar dié hele streek se kultuurlewe, het prof. Temple Hauptfleisch, die huidige departementshoof, gesê. "En die Dramadepartement kan voortbou aan sy tradisie om 'n reusebydrae tot die Suid-Afrikaanse teaterkuns te lewer." •



Proff. Temple Hauptfleisch (links) en Christo Viljoen by die HB Thom se senior teateragnikus, Kobus Rossouw. Studente in teateragniek het onder mnr. Rossouw se leiding 'n indrukwekkende klank- en ligprogram opgestel waarmee die teater se nuwe Soundcraft-klankstelsel en Strand-beligtingsapparaat op die dertigste verjaardagviering aan impresario's en ander verteenwoordigers van die teaterbedryf vertoon is. Die teateragniek-studente het ook gehelp met die maak van 'n video oor die HB Thom se geskiedenis en huidige geriewe.

'n Uitvoering van Beethoven se negentiende simfonie saam met die Praagse Simfonie-orke was een van die hoogtepunte van die Universiteitskoor - wat vanjaar 60 jaar oud is - se onlangse toer in Europa.

Die koor onder leiding van Sonja van der Walt het in Julie 'n onvergeetlike drie weke lange toer in Europa onderneem. Vir die koorlede was dié internasionale blootstelling 'n uitstekende leergeleentheid want die meeste van hulle was nog nooit tevore oorsee nie.

Die eerste optrede was in die Schönbrunnpaleis in Wenen. Die koor het ook in die Sint Stefan Katedraal in dié stad gesing voordat hulle na Boedapest in Hongarye is, waar die koor in die Matthias-katedraal gesing het.

Daarna is hulle terug Oostenryk toe, na Graz en toe Salzburg waar deelname aan 'n musiekfees op hulle gewag het. Ná die optrede in Salzburg was hulle dié gaste van die Salzburg Koor in dié se keldertuiste, wat

Die volgende konsert was in die Amadeussaal in München, waar die Vriende van Suid-Afrika die gashere was. Die volgende dag het uitstekende koerantresensies oor die koor se uitvoering verskyn.

Die hoogtepunt van die hele toer was 'n konsert in Praag in die Tjeggiese Republiek, gereël deur Suid-Afrika se ambassadeur, mnr. Thomas Langley, en aangebied in die pragtige Barok Spieëlsaal van die Klementinum. Omring deur prag en praal en met 'n wonderlike akoestiek het die koor voor 'n vol saal geïnspireerd gesing. Na die uitvoering is die koor by die ambassadeurswoning feestelik onthaal. Die koor het ook in die manjifieke Sint Vitus Katedraal in Praag gesing.

Daarna reis die Maties per bus na die pragtige

Koor word 60 en toer oorsee

Middeleeuse Tsjeggiese dorp Tábor, waar die koor vir nege dae deelgeneem het aan 'n internasionale koorfees saam met kore uit nege ander lande, onder andere uit Rusland, Israel, Egipte, Ciprus, Griekeland en Moldavia. Vier konserte is gehou in Tábor en die omliggende dorpe.

In Soběslav, 'n dorp kleiner as Stellenbosch, is hulle op Afrikaans deur 'n man op straat voorgekeer, vertel mnr. John Ivor Pullin, die koorbestuurder. Hy sê dié Tsjeg het vir ses jaar by die Kernversnellersentrum by Faure gewerk en 'n kantoor op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch gehad. Hy en sy gesin (en hulle Suid-Afrikaanse hond) is nou vier jaar terug in hulle tuisland. "En die hond, wat by was toe ons hulle raakgeloop het, het begin blaf toe hy ons Afrikaans hoor praat. Ná die uitvoering in 'n stampvol saal was dié gesin gaande oor die koor se pragtige sang, en hulle was vol heimwee vir Suid-Afrika."

Finale konserte

Die US Koor het saam met die nege ander kore in twee finale konserte opgetree, die een in Tábor en die ander in Praag waar hulle Beethoven se negende simfonie saam met die Praagse Simfonie-orke uitgevoer het.

Op pad terug van Europa het die koorlede 'n toeristebezoek aan Kaïro gebring. Die Piramides, die Sfinks en die Egiptiese Museum met die skatte van die Farao's is besoek. "Van die koorlede het 'n kameelrit aangedurf. Dit was groot pret met baie gille, en is ook deur die minder waaghalsige, toeskouende koorlede geniet," vertel mnr. Ivor Pullin.

"So 'n toer is 'n hoogtepunt in die lewe van enige gelukkige koorlid. Die Maties het teruggekom met herinneringe wat hulle altyd sal bybly." •



Die Universiteitskoor met sy optrede in die pragtige Spieëlsaal van die Klementinum in Praag.

in die Middeleeue 'n groot perdestal onder 'n gebou was. Daar is vriende gemaak en tot in die vroeë oggendure saamgesing en -gekuier. Dit was beslis een van die toer se hoogtepunte.

Internasionale bosbousimposium gaan hier wees

Die Matie Bosboustudentevereniging gaan in September 1997 die gasheer wees vir die Internasionale Vereniging van Bosboustudente se jaarlikse simposium. Sowat 120 afgevaardigdes uit 28 lande word hier verwag.

IFSA (International Forestry Students Association) het die Maties verlede jaar eers as lid aanvaar. Dit is die eerste keer dat 'n nuwe lid so gou na sy aansluiting as gasheer vir die wêreldsimposium aangewys word. Die Matie aanbod om die gasheer te wees, is toegestaan nadat die US Bosboustudente-vereniging se voorsitter en ondervoorsitter by verlede jaar se simposium in

Finland was. Die Maties is ook daar as IFSA verteenwoordiger vir Suider-Afrika aangewys.

Die 1997-simposium sal sowat twee weke duur, met die eerste deel op die US kampus. Daarna word die simposium voortgesit terwyl die afgevaardigdes bosbougebiede in Suid-Kaapland, die Ooskaap en Kwazulu/Natal besoek.

IFSA se eerste jaarsimposium was in 1973. Aanvanklik is dit meestal in Brittanje en Europa gehou, maar dit was in 1993 in Maleisië en is vanjaar in Australië. Die 1997-simposium sal die eerste in Afrika wees. Studente uit Ghana en Nigerië word onder meer hier verwag. Die US het Suid-Afrika se enigste universiteits-bosboufakulteit.

Een van IFSA se hoof-oogmerke is om bosboustudente se formele opleiding te verryk, veral deur 'n ruimer wêreldperspektief aan hulle te bied. Die organisasie het 'n vaste sekretariaat in Duitsland. •

Maties reg vir wêreldstryd by US

Die Maties se Debatsvereniging het Suid-Afrika se eerste nasionale debatskompetisie vir universiteite onlangs op Stellenbosch aangebied. Dit was ook 'n oefenlopie vir die wêreld debatskompetisie einde vanjaar by die US.

Sowat 100 studente van nege universiteite het aan dié eerste Nedbank Nasionale Debatskompetisie vir Universiteite deelgeneem.

Die Maties was nie net die gashere nie, maar het die inisiatief geneem om die kompetisie te reël. Dit was ook 'n geslaagde eerste poging om 'n debatliga in te stel soos dié wat in baie ander lande bestaan.

Twee Matie regstudente, Timothy Schultz en Jason Forssman, was die wenspan van die kompetisie. Nog 'n Matie span het saam met een span elk van Wits en Durban-Westville na die eindronde deurgedring. Mnr. Schultz is ook gekies as voorsitter van die nasionale forum wat gestig is om volgende jaar se SA kompetisie te reël. Die wêreldkompetisie sal gedurende 28 Desember tot 4 Januarie hoofsaaklik op die US-kampus

gehou word.

Sowat 850 deelnemers uit ongeveer 35 lande word verwag. Dit sal die eerste keer wees dat die kompetisie in Afrika gehou word. Die openingseremonie sal in die NG "Studentekerk" wees. 'n Nuwejaarsbal in die DF Malan gedenksentrum op Coetzenburg sal dié sosiale hoogtepunt wees. Die debatte gaan onder meer in die Ou Hoofgebou gehou word, maar ook weg van Stellenbosch, soos by die Waterkant in Kaapstad.

'n Aantal Maties was aan die begin van 1994 die eerste Suid-Afrikaners wat aan die wêreldkompetisie gaan deelneem het. Dit is toe in Australië gehou. Twee Maties, mnr. Jean Meiring (wat die komende wêreldkompetisie by die US help reël) en mej. Judy Malan (1995 se US Kanseliersmedaljewenner) het toe 'n belangrike afdeling van die wedstryd gewen.

Die Maties het daar reeds begin voorbrand maak om die kompetisie op Stellenbosch aan te bied. By die wêreldkompetisie vroeg vanjaar in Ierland is die US vir die komende kompetisie as gasheer aangewys. •

Oonde vir navorsing



Prof. Bessie Visser, hoof van die Departement Huishoudkunde, by mnr. Koos Bezuidenhout (links), afdelingsbestuurder van Defy Appliances, en Hennie du Toit, die firma se direkteur van bemaking en strategiese beplanning, toe Defy onlangs 'n ruim bedrag vir navorsing aan die departement geskenk het. Dit is vir 'n projek saam met die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese om 'n elektroniese beheerstelsel te ontwikkel vir elektriese oonde wat in voedselnavorsing gebruik word. Die firma het ook in die afgelope dekade onder meer vier laboratoriums in die departement ten volle toegerus met moderne apparaat vir voedsel- en tekstielnavorsing waarvan die vervangingswaarde nou sowat R100 000 sal bedra.



Are you
sure that you are
making the most of your offshore
financial resources?...

Tony Buckley has been managing Southern African clients' international funds for 14 years reporting to them personally during his frequent visits.



Complete confidentiality



Your portfolio managed professionally by

successful offshore money advisers.

The average annual growth achieved from a Medium Risk Sterling Portfolio during the past three years amounted to 18.4%*.



Low or no up-front charges, no tax deductions.



"Buy a home in Britain" service, with Bond financé.




Offshore trusts set up, bank accounts opened.



Client protection via professional indemnity insurance.

Tony Buckley and colleague Pam Beith will be visiting South Africa again during November 1996.

For free advice on your offshore affairs, without obligation, respond NOW...



Please send me more information

Please contact me when visiting SA.

Name

Address

Postcode

Tel. (home)

Tel. (work)

Fax. No.

Mail to: AJ Buckley Asset Management Ltd.
Robuck House, Brighton Road,
Godalming, Surrey GU7 1NS
United Kingdom


For instant service:
Fax to 0944 1483 426 123 or
Telephone 0944 1483 426 300

*Source: AJ Buckley Asset Management Ltd for the period ended 31/12/94.
Past performance is not necessarily a guide to future success. The value of investments and the income derived from them can go down as well as up and the investor may not get back the amount originally invested.

MTL/6

FYNBOS VILLA

Die Victoriaanse Gastehuis met gehalte diens
Lieflike middedorp verblyf in Stellenbosch
Akkrediteer en aanbeveel deur Satoer



Bring 'n onvergeetlike besoek aan Fynbos as sakepersoon of toeris

5 min loopafstand na Universiteit,
Konservatorium, Historiese Middedorp,
Coetzenburg, Botaniese tuin en
Tradisionele Restaurante

Ruim Dubbelkamers en suite &
Privaat Familie Kothuis
met Tel, Faks, TV (M-NET), Ontbyt,
Mini Konferensies

Boomryke Tuin, Swembad, Braai,
Onderdak Parkering

Professionele diens vanuit moderne toegeruste
kantoor in Afrikaans/Engels/Duits

Skakel ons kantoor
TEL 021-8838670 FAKS 021-8838479
NEETHLINGSTRAAT 14, STELLENBOSCH
7600



GEVAAR: ROOK VEROORSAAK KANKER

16 mg teer 1,5 mg nikotien Soos per Regeringsooreengekome metode

Die Room
van die Oes
is in
Rembrandt van Rijn



ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK